The Director: Museums, Heritage and Geographical names who is also the appointed Chief Executive Officer of HWC, the Chief Financial Officer, and certain officials in the Directorate: Museums, Heritage and Geographical names performs dual roles because they provide services to both DCAS and HWC. The time spent on HWC by these officials is difficult to apportion. As a result, the services in-kind received from these officials cannot be measured reliably and is excluded from the services in- kind recognised in the Statement of Financial Performance of HWC as required by GRAP 23 because the services in-kind provided to HWC by these officials do not satisfy the criteria for recognition.

The service provided by officials responsible for the management of heritage resources were reassessed during the 2023/24 financial year and is included as part of services in-kind recognised in the Statement of Financial Performance. In terms of GRAP 3, the reassessment of services in-kind is applied retrospectively and the corresponding comparative figures were restated. Detail on the reassessment is disclosed in note 23.

16. General expenses

Advertising[1]	63	7
Catering[2]	80	68
Communication[3]	58	75
Consulting and outsourced services[4]	392	343
Printing and stationery[5]	66	71
Software Licence renewal	46	42
Travel and subsistence[6]	74	97
	779	**703**

1 Promotional items were purchased for the year under review which was not included in the previous financial year.
2 More face-to-face meetings were held for which catering was provided.
3 There was a decrease in virtual meetings held which resulted in a saving on data allowance.
4 The translation of statutory documents were outsourced which was previously done in-house.
5 Fewer copies of statutory documents were printed during the year under review.
6 Fewer site visits were attended during the year under review.

Figures in Rand Thousand	2024	2023
17. Members fees		
Alard, G	-	2
Bailey, E	-	31
Baumann, N	17	16
Belter, D	55	76
Boise, H	39	14
Daniels, C	-	1
De Waal, J	-	28
Dumbrell, K	-	19
Fataar, M	-	18
Fortuin, C	30	8
Gani, R	17	11
Gribble, J	-	9
Gibbs, D	36	40
Hall, S	-	6
Hermansen, S	11	18
Jacobs, G	36	57
Johnston, S	32	52
Kasibe, W	-	2
Knight, J	-	3
Lavin, J	14	5
Malan, A	11	12
Martin, R	36	34
Mavumengwana, S	24	34
Mdludlu, M	7	18
Mgijima, B	-	3
Milandri, L	19	5
Ontong, T	32	15
Orton, J	-	8
Peters, W	-	47
Saunders, D	30	37
Scurr, M	-	23
Smart, C	20	8
Smuts, K	35	5
Snelling, C	-	28
Van de Merwe, H	54	76
Van Graan, A	19	18
Webley, L	-	12
Winter, S	30	27
Wilson-Harris, J	20	-
Wolters, M	-	12
	624	**838**

During the year under review, there was a decrease in the number of meetings held and time spent on meeting preparations. In addition, the number of committees were reduced which contributed to the decrease in expenditure year-on-year.

Figures in Rand Thousand	2024	2023
18. Cash generated from operations		
Surplus	1 146	1 453
Non-cash movements:		
Revenue: Services in-kind	7 394	7 991
Expenditure: Services in-kind	(7 394)	(7 991)
Distribution of inventory Inventories	-	1
Changes in working capital:		
Inventories	(29)	-
Receivables from exchange transactions	3	(14)
Other receivables from non-exchange transactions	-	1 000
Payables from exchange transactions	(32)	30
Unspent conditional grants	(1)	(239)
	1 087	**2 231**

19. Contingent liabilities

MIDNIGHT STORM INVESTMENTS 170 (PTY) LTD v MINISTER OF ARTS AND CULTURE and Others, case 46055/15

Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister of Arts and Culture and Others which relates to a court case that was lodged at a North Gauteng High Court. The case relates to a decision that was taken by Heritage Western Cape (HWC) not to approve the planned upmarket housing development, rezoning and subdivision rights to a property which is a Provincial Heritage Site (PHS). HWC is cited as a 3rd Defendant and the MEC for Department of Cultural Affairs and Sport of the Western Cape is cited as a 5th Defendant. The owners have issued a summons to recover the costs they have expended on the land as they allege that the declaration limits their property rights and should be seen as a constructive expropriation. The trial was heard in the Gauteng High Court 29 July 2019 to 2 August 2019, and was concluded with the closing arguments in January 2020. The Court ruled in favour of the defendants. After the judgment, Leave to Appeal to the Supreme Court of Appeal was granted on 15 June 2020 by the Gauteng High Court. If the claim succeeds at the Supreme Court of Appeal, HWC's liability is estimated at R8.2million, unless HWC, alternatively the National Minister of Arts and Culture approach the Constitutional Court to make a final pronouncement on the matter. The appellant/applicant has subsequently approached HWC to explore a settlement of the matter and has submitted a further application for a development on the edge of the PHS. The Appeal has accordingly been postponed pending the outcome of this application. Should the matter be settled, the contingent liability would fall away.

HWC Management is of the view that the contingent liability is based on the value of the land which is in question. Chances of the plaintiff succeeding are minimal, as they have failed in their first attempt and Senior Counsel is confident that the appeal, should it proceed, will not succeed either.

Figures in Rand Thousand	2024	2023

20. Related party

Relationships

Primary Funder	Department of Cultural Affairs and Sport (DCAS)
Strategic Partner	Western Cape Cultural Commission
Strategic Partner	Western Cape Language Committee

DCAS provides accommodation to HWC to execute their administrative and financial operations.

The Minister of the Department of Cultural Affairs and Sport as the Executive Authority is a related person of HWC in terms of GRAP 20.

The members of the council of HWC and the entity as disclosed in note 17 are related parties in terms of GRAP 20.

South African Heritage Resources Agency (SAHRA) is mandated by the provisions of section 8(6)(a) and (d) of the National Heritage Resources Act (NHRA) read with Regulation 4 of the Regulations published under GNR 323 on 7 April 2000 to assess and re-assess the competence of provincial heritage resources authorities such as HWC.

All Departments and Public Entities in the Western Cape are considered to be related parties as they are under common control of the Provincial legislature.

Transactions

Income received from related party		
Department of Cultural Affairs and Sport	1 893	1 537
Services in-kind received from related party		
Department of Cultural Affairs and Sport	7 394	7 991

Services in-kind was not previously disclosed under the Related Party transactions note. This has been corrected in the year under review.

Figures in Rand Thousand	2024	2023

21. Risk management

The entity's activities expose it to a variety of financial risks: market risk (fair value interest rate risk, cash flow interest rate risk),credit risk and liquidity risk.

Liquidity risk

The entity's risk to liquidity is a result of the funds available to cover future commitments. The entity manages liquidity risk through an ongoing review of future commitments and credit facilities.

Sensitivity analysis

At 31 March 2024, if the interest rates on variable rate financial instruments had been 1% higher/lower with all other variables held constant, surplus for the year would have been R99 689 higher / lower.

Credit risk

Credit risk refers to the risk that the counterparty will default on its contractual obligations resulting in financial loss to the entity. The entity has adopted a policy of only dealing with creditworthy parties.

Credit risk consists mainly of cash deposits, cash equivalents, derivative financial instruments and trade debtors. The entity only deposits cash with major banks with high quality credit standing and limits exposure to any one counterparty.

No credit limits were exceeded during the reporting period, and management does not expect any losses from non- performance by these counterparties.

Maximum exposure to credit risk.

The entity's exposure to credit risk with regards to loans and receivables is limited to the amounts on the balance sheet.

Market risk

The entity is not exposed to market risk, due to it being required to settle creditors within 30 days of receiving an invoice as required by the treasury regulations and the PFMA.

Interest rate risk

The entity's risk profile consists of fixed and floating rate loans and bank balances which exposes the entity to fair value interest rate risk and cash flow interest rate risk and can be summarized as follows:

Financial assets

Trade and other receivables are at a fixed rate. Management manages interest rate risk by negotiating beneficial rates on floating rate loans and where possible using fixed rate loans.

Management also has a policy balancing the interest on asset loans with the interest payable on liabilities.

Cash flow interest rate risk

Financial instrument	Due in less than one year	Due in one to two years	Due in two to three years	Due in three to four years	Due after five years
Normal credit terms: Cash in current banking institutions	9 969	-	-	-	-
Net amount	9 969	-	-	-	-
Past due but not provided for	-	-	-	-	-

Figures in Rand Thousand

22. Budget variances

Budget Adjustment:

During the 2023/24 financial year the budget was increased with R 150 000, from an original budget of R 2,577m to an adjusted budget of R 2,727m. During the year under review the case relating to the 'Monster Building' in Buitengracht Street, Cape Town was finalised and the Entity had to pay the associated legal fees. The legal cost exceeded the available budget thus required a budget adjustment.

Material differences between budget and actual amounts

22.1 Entity revenue other than sales

The variance is due to the increase in the interest rate for the year under review.

22.2 Other non-tax revenue

For the year under review additional funding was received from the Department of Cultural Affairs & Sport for a specific project and the 2nd tranche of the US Ambassador funding was received for the Diepkloof project.

23. Prior-year adjustments

23.1 Services in-kind

During the year under review, the service provided by officials responsible for the management of heritage resources was reassessed as services in-kind provided to the Entity. Since the condition was existing in the prior year, a retrospective adjustment was made to ensure fair presentation of the financial statements.

The effect of the prior-year adjustment is presented below:

2022/23	As previously reported	Adjustment	Restated
Statement of Changes in Net Assets			
Accumulated Surplus	-	7 317	7,317
Accumulated Surplus	-	(7 317)	(7 317)
Statement of Financial Performance			
Revenue: Services in-kind	674	7 317	7 991
Expenditure: Services in-kind	(674)	(7 317)	(7 991)

23.2 Conditional Grant

The restatement of the 2022/23 Cash Flow Statement is due to the incorrect treatment of Conditional Grant funding.

The effect of the restatement is presented below:

2022/23	Note	As previously reported	Adjustment	Restated
Cash Flow Statement				
Cash flow from operating activities				
Cash received: Utilisation of Conditional Grant	18	3 593	(240)	3 353
Interest income	18	462	-	462
Cash paid to suppliers and employees: Unspent Conditional Grant	18	(1 824)	240	(1 584)
		2 231	**-**	**2 231**

24. Events after the reporting date

There were no material non-adjusting events that occured after the reporting period.

25. BBBEE Performance

Information on compliance with the B-BBEE Act is included in the annual report under the section titled B-BBEE Compliance Performance Information.

Wes-Kaapse Regering

ILifa leMveli leNtshona Koloni
Erfenis Wes-Kaap
Heritage Western Cape

Erfenis Wes-Kaap

Jaarverslag
2023/2024

Die grafika wat op die buiteblad van Erfenis Wes-Kaap se Jaarverslag 2023/2024 verskyn:
Mostert se Meul, Rhodesrylaan, Rhodeslaan, Bishopscourt, Kaapstad (33.9521° S, 18.4662° E)

INHOUD

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING 4

1. ALGEMENE INLIGTING OOR OPENBARE ENTITEIT 4
2. LYS MET AFKORTINGS/AKRONIEME 5
3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER 6
4. OORSIG VAN DIE HOOF- UITVOERENDE BEAMPTE 7
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG 10
6. STRATEGIESE OORSIG 11
   - 6.1. Visie 11
   - 6.2. Missie 11
   - 6.3. Waardes 11
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE 11
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR 17

DEEL B: PRESTASIE- INLIGTING 19

1. OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE 19
2. OORSIG VAN OPENBARE ENTITEIT SE PRESTASIE 19
   - 2.1. Diensleweringsomgewing 19
   - 2.2. Organisatoriese omgewing 25
   - 2.3. Belangrike beleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge 26
   - 2.4. Vordering ter bereiking van institusionele impakte en uitkomste 27
3. INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING 28
   - 3.1. Program: Erfenis Wes-Kaap 28
4. INKOMSTE-INVORDERING 30

4.1 Kapitaalbelegging 30

DEEL C: BESTUUR 32

1. INLEIDING 32
2. PORTEFEULJEKOMITEES 32
3. UITVOERENDE GESAG 32
4. DIE REKENPLIGTIGE GESAG/RAAD 33
5. RISIKOBESTUUR 37
6. INTERNE KONTROLE-EENHEID 40
7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES 40
8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES 41
9. BEDROG EN KORRUPSIE 41
10 MINIMERING VAN BELANGEBOTSING 42
11. GEDRAGSKODE 43
12. KWESSIES RAKENDE GESONDHEID, VEILIGHEID EN DIE OMGEWING 43
13. MAATSKAPPY-/RAADSEKRETARIS 43
14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID 43
15. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE 43
16. PRESTASIE-INLIGTING OOR B-SEB-VOLDOENING 45

A

INHOUD

DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR 47

1. INLEIDING 47
2. OORSIG VAN MENSLIKEHULPBRONSTATISTIEK 47

DEEL E: VERSLAG OOR WOFB-VOLDOENING 49

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE INLEIDING 49
   - 1.1 Onreëlmatige uitgawes 49
   - 1.2 Vrugtelose en verkwistende uitgawes 51
   - 1.3 Bykomende openbaarmaking ten opsigte van wesenlike verliese ingevolge die WOFB artikel 55(2)(b)(i) & (iii) 52
2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS 53
3. VOORSIENINGSKETTINGBESTUUR 53
   - 3.1 Verkryging volgens ander middele 53
   - 3.2 Kontrakafwykings en -verlengings 53

DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING 55

1. VERSLAG VAN DIE EKSTERNE OUDITEUR 55
2. FINANSIËLE JAARSTATE 58

MOSTERT SE MEUL NA DIE BRAND OP 18 APRIL 2021

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

1. ALGEMENE INLIGTING OOR OPENBARE ENTITEIT

GEREGISTREERDE NAAM	Erfenis Wes-Kaap
REGSVORM VAN ENTITEIT	Openbare entiteit
AARD VAN ONDERNEMING EN VERNAAMSTE AKTIWITEITE	Om erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bestuur en te bevorder
REGISTRASIENOMMER	N.v.t.
STRAATADRES	3de verdieping, Protea Assuransie-gebou Groentemarkplein Kaapstad 8001
POSADRES	Posbus 1665 Kaapstad 8000
TELEFOONNOMMER/S	+27 21 483 9598
FAKSNOMMER	+27 21 483 9845
E-POSADRES	ceoheritage@westerncape.gov.za
WEBWERF	www.hwc.org.za
EKSTERNE OUDITEURE	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika 19 Parklaan Milnerton 7441 Kaapstad
BANKIERS	Nedbank: St. George-wandellaan, Kaapstad-middestad, Kaapstad 8001 Absa: Privaat Sak X9067, Korp. Gauteng, Kaapstad
MAATSKAPPY-/RAADSEKRETARIS	N.v.t.

2. LYS MET AFKORTINGS/AKRONIEME

AERP	Algemeen erkende rekeningkundige praktyk
APM	Komitee oor Argeologie, Paleontologie en Meteoriete
BAV	Basiese Assesseringsverslag
BBP	Bewaringsbestuursplan
BBR	Bewaringsbestuursraamwerk
BID	Basiese Inligtingsdokument
BSB	Beroepspesifieke bedeling
DB	Diensbillikheid
DKS	Departement van Kultuursake en Sport
DORB	Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur, Departement van die Premier
EIB	Erfenisimpakbepaling
EWK	Erfenis Wes-Kaap
FJ	Finansiële jaarstate
FKEO	Vastekapitaal-eiendomsontwikkeling
GvSD	Gemak van sake doen
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
HUB	Hoof- Uitvoerende Beampte
KBOL	Komitee oor die Beboude Omgewing en Landskappe
KIB	Komitee oor Impakbepaling
KVGI	Komitee oor Voorraad, Gradering en Interpretasies
KVO	Kennisgewing van voorneme om te ontwikkel
LUR	Lid van die (Provinsiale) Uitvoerende Raad
MTUR	Mediumtermynuitgaweraamwerk
NVG	Nasionale Vervolgingsgesag
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OIB	Omgewingsimpakbepaling
OIV	Omgewingsimpakverslag
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBEKOM	Ondernemingsrisikobestuur-en-etiekkomitee
PGHA	Probleemgedrewe herhalende aanpassing
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-agentskap
SAEHIS	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-inligtingstelsel
SK	Stad Kaapstad
UBK	Uitvoerende Bestuurskomitee
UOWP	Uitgebreide-openbarewerkeprogram
VEB	Vergaderings van Erfenisbeamptes
WBTI	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting
WNBRBS	Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne
WNOB	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur

3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

Dit is vir my as voorsitter van Erfenis Wes-Kaap 'n voorreg om die Jaarverslag vir die boekjaar 2023/2024 aan te bied. Hierdie verslag weerspieël die gesamentlike pogings en prestasies van ons toegewyde span om ons missie na te kom, naamlik om die erfenis van die Wes-Kaap te bewaar, te beskerm en te bevorder.

Ons rol by Erfenis Wes-Kaap is 'n veelsydige een. Ons tree op as die provinsiale gesag vir erfenishulpbronne wat daarvoor verantwoordelik is om die uiteenlopende erfenis-hulpbronne van ons provinsie te identifiseer, te bestuur en te beveilig. Ons mandaat is ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Wes-Kaapse Provinsiale Grondwet en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, en rig ons handelinge om te verseker dat ons erfenis vir toekomstige geslagte bewaar bly.

Die Raad van Erfenis Wes-Kaap speel 'n uiters belangrike rol in toesighouding oor die bestuur en bevordering van erfenishulpbronne. Die geesdriftige individue met diverse kundigheid en agtergronde wat op die Raad dien, sien toe dat strategiese leiding, regeringsbestuur en toesig aan die entiteit verskaf word. Ons streef om deur middel van gesamentlike pogings ingeligte besluite te neem wat die bewaring van erfenis teen die behoeftes van ons ontwikkelende samelewing opweeg.

Die Raad het deur die loop van die jaar onvermoeid daaraan gewerk om die uitdagings te hanteer en geleenthede te benut wat uit erfenisbestuur voortspruit. Ons het met belang-hebbendes geskakel en met vennote saamgewerk, en het inisiatiewe geïmplementeer om die doeltreffendheid en geskiktheid van ons werksaamhede en mandaat te verbeter. Ons verbintenis tot deursigtigheid, verantwoordbaarheid en belanghebbendeskakeling bly koersvas in ons dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap.

Wat die medium- tot langtermyn aanbetref, is Erfenis Wes-Kaap strategies daarop gefokus om seker te maak dat erfenisbewaring en -bevordering tot die sosioëkonomiese ontwikkelingsdoelwitte van die provinsie bydra. EWK poog om in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne en die kernbeleide van die Wes-Kaapse regering voort te gaan om 'n instaatstellende omgewing vir dié geleenthede te skep, met 'n hoogs doeltreffende en doelmatige, geïntegreerde stelsel van erfenishulpbronbestuur in plek. Hierdie benadering het nie alleen ten doel om die bewaring van ons betekenisvolle erfenishulpbronne in die provinsie te verseker nie (wat van die allergrootste belang vir die rol van die provinsiale erfenishulpbrongesag is), maar ook om by te dra tot 'n meer inklusiewe en ekonomies gesonde samelewing waarin ons erfenis geïdentifiseer, bevorder en gevier word.

Hierdie jaarverslag dien as getuienis van ons volgehoue toewyding en die vordering wat ons ter voldoening aan ons mandaat en strategie maak. Dit bied 'n omvattende oorsig van ons aktiwiteite, uitvoering, uitdagings en vooruitsigte. Ek is trots op die prestasies wat in hierdie verslag uiteengesit word en is dankbaar vir die toewyding van ons Raad en komiteelede, personeel, vennote en belanghebbendes wat tot ons sukses bydra.

Terwyl ons oor die afgelope jaar besin en na die toekoms kyk, is ek vol vertroue dat Erfenis Wes-Kaap steeds 'n allerbelangrike rol sal speel in die bewaring en viering van ons provinsie se ryk erfenis. Ons sal saam onwrikbaar bly in ons verbintenis om te verseker dat ons erfenishulpbronne vir toekomstige geslagte bewaar en waardevol bly.

Voorsitter van die Raad
Reyhana Gani
Datum: 31 Augustus 2024

4. OORSIG VAN DIE HOOF- UITVOERENDE BEAMPTE

Inleiding

Erfenis Wes-Kaap (EWK) tree op as die baken van erfenisbewaring en -bevordering in die Wes-Kaap, en is toevertrou met die kolossale taak om ons kultuurnalatenskap te beveilig. As die provinsiale gesag vir erfenishulpbronne lê ons missie diep gewortel in grondwetlike mandate en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH) – wat ons pogings rig om die diverse tapisserie van erfenishulpbronne binne ons streek te bestuur en te bevorder. Ons besin in hierdie oorsig oor die vordering wat gedurende die boekjaar 2023/2024 gemaak is en die uitdagings waarvoor ons te staan gekom het.

Bestedingstendense

Program	2023/24			2022/23		
	Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding	Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Goedere en dienste	2 727	2 722	5	2 648	1 585	1 063
Totaal	**2 727**	**2 722**	**5**	**2 648**	**1 585**	**1 063**

Uitdagings ten opsigte van kapasiteitsbeperkings waarvoor die openbare entiteit te staan kom

Uitdagings het te midde van ons pogings ontstaan wat die veerkrag van ons entiteit getoets het. Die bestuur van Graad III-erfenishulpbronne, waarvoor die verantwoordelikheid deur die WNEH aan plaaslike owerhede opgelê is, verg aansienlike aandag en hulpbronne van die EWK.

Daarbenewens het die diepgaande impak van beurtkrag operasionele eise met betrekking tot vergaderingskedules gestel, aangesien die meeste Raads- en komiteevergaderings aanlyn gehou is. Alhoewel ons maatreëls vir sakekontinuïteit ingestel het om hierdie uitdagings die hoof te bied, het die energiekrisis voortdurend kommer gewek en deurlopende aanpassing en veerkrag genoodsaak.

Gestaakte sleutelaktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word

Die EWK het as deel van ’n deurlopende strategiese heraanpassing voortgegaan met die proses om die bestuur van Graad II-erfenishulpbronne aan plaaslike owerhede oor te dra. Hierdie veranderinge dui op ’n daadwerklike poging om doeltreffendheid te verbeter en te verseker dat erfenishulpbronne van plaaslike betekenis meer doelmatig op plaaslike vlak bestuur word. Graad III-erfenishulpbronne wat van plaaslike betekenis is, is histories deur EWK bestuur. In ooreenstemming met die WNEH en om plaaslike doeltreffendheid te bevorder, is EWK egter in die proses om hierdie verantwoordelikhede aan die toepaslike plaaslike owerhede, veral die Stad Kaapstad, te delegeer.

Nuwe voorgestelde sleutelaktiwiteite

EWK implementeer QR-kodes by provinsiale erfenisterrein om besoekers van maklik toeganklike inligting oor die historiese en kulturele betekenis van hierdie liggings te verskaf. Hierdie tegnologiegedrewe inisiatief het ten doel om openbare betrokkenheid en opvoeding te verbeter deur gedetailleerde verhale, historiese data en multimedia-inhoud direk op besoekers se slimfone aan te bied.

EWK-verteenwoordigers het aangesluit by die Gemak van Sake Doen-taakspan (GvSD), 'n groep wat daaraan werk om sistemiese beperkings uit te skakel en die rompslomp binne regering en sy agentskappe te verminder. Hierdie betrokkenheid is deel van EWK se breër strategie om ekonomiese groei en werkskepping te steun deur erfenisverwante prosesse doeltreffender te maak.

Versoek om verlenging van fondse

Fondse vir die Gugulethu 7-projek vir die installering van vertolkingstekens by die erfenis-terrein is verleng om voorsiening te maak vir EWK se afhandeling van die projek nadat daar gewag is vir die Stad Kaapstad om instandhouding by die terrein te voltooi.

Die Loteryfonds is geoormerk vir die erfenistekens by die Bobbejaanpunt-erfenisterrein in Elandsbaai. Die tekens by die grot is beskadig en onleesbaar, en moet nog aandag geniet.

Voorsieningskettingbestuur

EWK, bygestaan deur die Departement van Kultuursake en Sport, het sterk prosesse en stelsels vir Voorsieningskettingbestuur (VKB) ingestel om deursigtigheid, doeltreffendheid en verantwoordbaarheid in sy verkryging- en finansiële bestuursaktiwiteite te verseker. Hierdie stelsels is ontwerp om ooreen te stem met die relevante wetgewende en regulatoriese raamwerke, wat voldoening en die bevordering van beste praktyke verseker.

Alle afgehandelde ongevraagde bodvoorstelle vir die oorsigjaar

Geen

Of VKB-prosesse en -stelsels geïmplementeer is

EWK is daartoe in staat om hulpbronne doeltreffend te bestuur, risiko's te versag, en die integriteit van sy werksaamhede deur middel van VKB-prosesse te handhaaf. Gereelde oudits en voortdurende verbeterings aan die VKB-proses onderstut verder EWK se verbintenis daartoe om aan hoë standaarde van regeringsbestuur en operasionele voortreflikheid te voldoen.

Uitdagings ervaar

Die behoud van gekwalifiseerde personeel het in 'n kritieke kwessie ontaard, en word nadelig beïnvloed deur mededingende salarisse wat deur plaaslike en nasionale regering aangebied word. Ons het om hierdie rede begin om die welstand van ons spanlede te prioritiseer en om niegeldelike aansporings te implementeer wat ten doel het om 'n ondersteunende en vervullende organisatoriese kultuur te skep.

Aangeleenthede in die Ouditverslag vir die vorige jaar, en hoe dit aandag sal geniet

EWK het vir die vorige boekjaar 'n skoon oudit ontvang.

Vooruitsig/planne om finansiële uitdagings die hoof te bied

Met die oog op die toekoms bly die EWK onwrikbaar in sy verbintenis om die publiek te bedien en om erfenisbewaring en -bevordering in die Wes-Kaap te ondersteun. Die vraag na toeganklike dienste, ekonomiese groei en maatskaplike welstand onderstut die volgehoue relevansie en belangrikheid van ons werk.

Ons strategiese doelwitte vir die jaar wat voorlê, is duidelik: bou 'n doeltreffende stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne, identifiseer en verklaar betekenisvolle erfenishulpbronne as Provinsiale Erfenisterreine, en versterk samewerkende vennootskappe met munisipaliteite en bewaringsliggame. Ons poog om deur middel van geteikende uitreikprogramme en inisiatiewe vir gemeenskapsbetrokkenheid die positiewe impak wat erfenis op die hantering van maatskaplike kwessies kan hê, te beklemtoon.

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Geen.

Ekonomiese lewensvatbaarheid

EWK is ekonomies lewensvatbaar en operasioneel stabiel, danksy die voortdurende ondersteuning van die Departement van Kultuursake en Sport. Hierdie ondersteuning in die vorm van 'n operasionele subsidie is uiters belangrik, aangesien dit verseker dat EWK sy kernfunksies en -dienste doeltreffend kan uitvoer. Verder verskaf die sekondering van personeel vanaf die Departement menslike hulpbronkapasiteit aan EWK om ons in staat te stel om die werklading te hanteer en doelmatig na erfenisverwante aangeleenthede om te sien.

Prestasies

Die veerkrag en toewyding van die EWK-span het ten spyte van die uitdagings deur die loop van die jaar beduidende prestasies gelewer. Die verwerking van altesaam 2 218 erfenisaansoeke beaam ons verbintenis tot doeltreffende dienslewering. Ons het deur middel van vaartbelynde prosedures en bygewerkte aansoekvorms die toeganklikheid en doeltreffendheid van ons hersieningsprosesse verbeter en het sodoende tydige reaksies op erfenisverwante navrae en inisiatiewe verseker.

Ons fokus op terreininspeksies, veral van betekenisvolle erfenisterreine, het waardevolle insigte gegee en geteikende bewaringspogings ingelig. Samewerking met eiendoms-eienaars en regeringsentiteite, insluitend die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur, het proaktiewe maatreëls gebied om hierdie betekenisvolle kulturele bates te beskerm en te bewaar.

Verder het ons vennootskap met die Stad Kaapstad belowende resultate ten opsigte van die delegasie van ons plaaslike erfenishulpbronbestuur opgelewer. Ons kon deur noue samewerking met munisipale owerhede inisiatiewe bevorder wat daarop gemik is om doeltreffendheid in die bestuur van Graad III-erfenishulpbronne op plaaslike regeringsvlak te verbeter.

Inisiatiewe wat voortspruit uit ons deelname aan die span vir Vastekapitaal-eiendoms-ontwikkeling en opleiding in Lenige Bestuur het 'n verdere hupstoot aan ons pogings gegee. Hierdie inisiatiewe, wat wissel van die verwerking van vrystellings vir spesifieke ontwikkelings-gebiede tot die vaartbelyning van permitaansoeke, onderstut ons verbintenis tot innovasie en samewerking in erfenisbestuur.

Erkenning(s) en waardering

Ek betuig my opregte dank aan ons belanghebbendes, vennote, die Raad en komiteelede, asook die toegewyde span personeel by EWK vir hul onwrikbare toewyding en onvermoeide pogings. Ons sal saam die ryk erfenis van die Wes-Kaap aanhou bewaar en vier, en sal ons beywer om voortreflikheid en 'n positiewe gemeenskapsimpak in al ons werksaamhede te verseker.

Hoof- Uitvoerende Beampte
Michael Janse van Rensburg
Datum: 31 Augustus 2024

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is in ooreenstemming met die jaarlikse finansiële state wat deur die Ouditeur-generaal geoudit is.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.
- Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie.
- Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is voorberei in ooreenstemming met die SA AERP-standaarde van toepassing op die openbare entiteit.
- Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word.
- Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike sekerheid oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.
- Die eksterne ouditeure word betrek om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Na ons mening is die jaarverslag 'n billike weergawe van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële sake van die openbare entiteit vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2024.

Die uwe

Hoof- Uitvoerende Beampte
Michael Janse van Rensburg
Datum: 31 Augustus 2024

Voorsitter van die Raad
Reyhana Gani
Datum: 31 Augustus 2024

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1. Visie

Inklusiewe, getransformeerde, mensgesentreerde, volhoubare bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap.

6.2. Missie

Erfenis Wes-Kaap verseker en implementeer die inklusiewe identifisering, volhoubare en geïntegreerde bestuur, bewaring en bevordering van tasbare en ontasbare erfenis-hulpbronne met die doel om tot transformasie en nasiebou by te dra.

6.3. Waardes

Sorgsaamheid, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovasie, responsiwiteit, inklusiwiteit en respek.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDAAT

Erfenis Wes-Kaap, as 'n Bylae 3C Openbare Entiteit, beskou die wetgewende mandaat waarop sy algehele funksionering gegrond is, as bindend ten opsigte van die volgende:

- Om goeie regeringsbestuur op alle vlakke te bevorder;
- Om gemeenskappe te bemagtig om erfenishulpbronne te koester en te bewaar sodat dit aan toekomstige geslagte nagelaat kan word;
- Om algemene beginsels te bepaal vir die regeringsbestuur van erfenishulpbronbestuur regoor die Wes-Kaap; en
- Om 'n geïntegreerde stelsel vir die identifisering, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van erfenishulpbronne in die provinsie ingevolge die WNEH en sy regulasies in te stel.

7.1 Grondwetlike mandaat

Artikel	Regstreekse verantwoordelikheid van Erfenis Wes-Kaap
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 24(b)(ii): Die omgewing	Erfenis Wes-Kaap moet deur wetgewende en ander maatreëls die bevordering van bewaring van die erfenisomgewing in die Wes-Kaap reguleer en moniteer. Dit mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie. Jaar-verslae oor hierdie mandaat moet aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement voorgelê word.
Artikel 31: Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe	Erfenis Wes-Kaap moet toesien dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking in ag neem.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsbetrekkinge	Erfenis Wes-Kaap werk saam met alle vlakke van regering. EWK werk kragtens sy mandate ten nouste saam met die Departement van Kultuursake en Sport, die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-agentskap (SAEHA) en plaaslike owerhede in die Wes-Kaap.
Bylae 4A: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Erfenis Wes-Kaap werk nou saam met die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-agentskap rakende erfeniskwessies, veral Nasionale Erfenisterreine wat in die Wes-Kaap geleë is.

Artikel	Regstreekse verantwoordelikheid van Erfenis Wes-Kaap
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie reguleer	Amptenare van Erfenis Wes-Kaap moet die bepalings van artikel 195 nakom, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat die werk van staatsdiensadministrasie reguleer. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulpbronne. Die implikasie is dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laagste koste moontlik behoort te lewer.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997	
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike finansiering, binne die beskikbare middele van die provinsie, vir 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Wes-Kaap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel.
Artikel 81	Erfenis Wes-Kaap moet beleide implementeer om die welstand van die mense van die Wes-Kaap aktief te bevorder en te handhaaf, veral ten opsigte van die beskerming en bewaring van die natuur-historiese, kultuur-historiese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. Erfenis Wes-Kaap moet spesifieke beleide in hierdie verband implementeer.

7.2 Wetgewende mandaat

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB): • reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, genoteerde of ongenoteerde openbare entiteite, grondwetlike instansies en provinsiale wetgewers; • verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instansies doeltreffend en doelmatig bestuur word; en omskryf die verantwoordelikhede aan wie finansiële bestuur by hierdie liggame toevertrou is.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat en privaat liggame gehou word. Die EWK en elke ander openbare en privaat liggaam moet onder meer: • 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek in te dien om toegang tot inligting wat daardie liggaam besit; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om aansoeke om toegang tot inligting wat die liggaam besit, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: • bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs tydens besluitneming moet nakom; • vereis dat administrateurs mense meedeel oor hulle reg op hersiening of appèl en hulle reg om redes daarvoor te versoek; • vereis dat administrateurs redes vir hulle besluite verskaf; en • gee aan lede van die publiek leiding oor die gronde om besluite van administrateurs in die hof te hersien.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013	Wet 4 van 2013	Hierdie Wet plaas 'n verantwoordelik op instansies om die volgende te verseker: • Om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame verwerk word, te bevorder; en • Om sekere voorwaardes in te stel om minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te bepaal. Aangesien EWK persoonlike inligting tydens die verwerking van aansoeke insamel, moet daar aan die POPI-wet voldoen word.
Wet op Nasionale Erfenishulp-bronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die mandaat van Erfenis Wes-Kaap is aan hierdie wetgewing ontleen. Verder bemagtig die Wet EWK om die volgende uit te voer: • Om relevante erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te identifiseer, aan te teken en te assesseer; • Om erfenishulpbronne in die Wes-Kaap te beskerm en te bestuur; en • Om beleide, doelwitte en strategiese planne vir die bestuur van erfenishulpbronne op te stel.
Wet op die Wêreld-erfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Erfenis Wes-Kaap verseker ter voldoening aan hierdie Wet dat terreine wat vir Wêreld-erfenisterreinstatus genomineer word, formeel beskerm word en verskaf, waar nodig, ondersteuning met voortdurende bewaring en periodieke verslagdoening.
Regulasies oor die Bestuur van Wes-Kaapse Erfenishulp-bronne	P.K. 336 van 25 Oktober 2002, P.K. 298 van 29 Augustus 2003, P.K. 212 van November 2004, P.K. 106 van 31 Maart 2005, P.K. 7497/2015 van September 2015.	Regulasies maak voorsiening vir die praktiese implementering van erfenisbestuur in die Wes-Kaap.

7.3 Beleide

Beleid	Beskrywing
Gedragskode vir EWK-lede	Die hoofdoel van die kode is om voorbeeldige gedrag onder lede te bevorder om aan die EWK institusionele geloofwaardigheid te verleen.
Finansiële delegasies	Delegasies van bevoegdheid uitgereik deur die Rekenpligtige Gesag ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
VKB-delegasie	Delegasies van bevoegdheid uitgereik deur die Rekenpligtige Gesag ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
Raamwerk oor wesentlikheid	Daar word van die Rekenpligtige Gesag verwag om in oorleg met eksterne ouditeure 'n raamwerk van aanvaarbare vlakke van wesentlikheid en beduidendheid met die Uitvoerende Gesag te ontwikkel en ooreen te kom.
Bedrogvoorkomingsplan	Die beleid bied reaksiemeganismes om insidente van bedrog wat 'n impak op die entiteit het, te ondersoek en op te los.

Beleid	Beskrywing
Strategie en Implementeringsplan vir Ondernemings-risikobestuur	Om uitvoering te gee aan die vereistes van die WOFB, Wet 1 van 1999, artikel 51(1)(a)(i) wat bepaal dat die rekenpligtige gesag moet verseker dat die entiteit 'n doeltreffende en effektiewe en deursigtige stelsel van finansiële en risikobestuur en interne kontrole instel en handhaaf.
Vergoeding van lede	Om betaling te fasiliteer aan lede van die EWK wat genomineer is om konferensies, projekte, vergaderings en werkswinkels namens die entiteit by te woon.
Beleide oor Voorsienings-kettingbestuur	Om voorsieningskettingbestuur binne die entiteit te reguleer.

7.4 Regspraak

Hofsaak	Verwysing	Beskrywing
Louis Johannes Raubenheimer v die Trustees van die Hendrik Johannes Bredenkamp Trust en Ander	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 10228/2004	Die uitspraak handel oor wat 'n "bona fide belang" uitmaak in 'n besluit van 'n erfenisgesag wat locus standi tot appèl ingevolge die WNEH sal oordra. Die hof het bevind dat dit 'n werklike belang moes wees en nie net 'n sentimentele gehegtheid aan die erfenishulpbron nie.
Top Performers (Edms) Bpk v Minister van Kultuursake en Rekreasie	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5591/2005	Hierdie uitspraak het 'n beduidende impak gehad op die appèlprosesse van die tribunale wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie 12 van P.K. 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKES en die LUR het regstellende stappe ingestel om billike administratiewe prosesse te verseker en voorsiening te maak vir die opname van nuwe bewyse in die oorkonde van 'n tribunaal-proses, asook om beter voldoening aan die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die regspreuk audi alteram partem te verseker.
Die Voorsittersvereniging v die Minister van Kuns en Kultuur	Appèlhof, saaknommer 25/2006	Hierdie uitspraak het betrekking op voldoende raadpleging met plaaslike gemeenskappe en ander belanghebbendes rakende voorgestelde veranderinge aan geografiese name. Die DKES en die Wes-Kaapse Komitee vir Provinsiale Geografiese Name wat deur die LUR ingestel is, is belangrike rolspelers in die implementering van die betrokke wetgewing, veral met betrekking tot die fasilitering van oorlegpleging met belanghebbendes en gemeenskappe. Hulle moet in die prosesse en prosedures wat hulle gebruik om voorgestelde veranderinge aan geografiese name te bestuur, hierdie uitspraak in aanmerking neem.
Qualidental Laboratories v Erfenis Wes-Kaap	Appèlhof, saaknommer 647/2006	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, voorwaardes ten opsigte van 'n ontwikkeling te stel.
Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-agentskap v die Arniston Hotel Eiendom (Edms) Bpk. en Een Ander	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 5446/2006	Die uitspraak handel oor die kwessie van werk wat kragtens die Nasionale Bouregulasies goedgekeur is voordat 'n formele beskerming kragtens die NHRA ingestel is, asook kwessies van die geldigheid van 'n kennisgewing van voorlopige beskerming.

Hofsaak	Verwysing	Beskrywing
Willows Properties (Edms) Bpk v Minister van Kultuursake en Sport	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 13521/2008	Die applikant het 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof ingedien om die LUR te dwing om 'n besluit te neem, of andersins om die Rekord van Besluitneming uit te reik ten opsigte van 'n appèl wat by die LUR ingedien is ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, saamgelees met regulasie12(7) van P.K. 336 van 2003. Die impak van die besluit op die DKES is dat dit moet verseker dat tribunale die Rekords van Besluitneming betyds uitreik. Regstellende stappe is geïmplementeer.
Waenhuiskrans Arniston Belastingbetalers-vereniging en 'n Ander v Verreweide Eiendoms-ontwikkeling (Edms) Bpk en Ander	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 1926/2008	Die Hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie gehad het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikel 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne deur SAEHA as Graad1-terreine gegradeer is. Die Hof het bevind dat SAEHA in sulke gevalle jurisdiksie het. Die implikasie van hierdie hofuitspraak vir EWK is dat die Departement regshulp aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen om die wetgewing te interpreteer en dit moet verseker dat Erfenis Wes-Kaap binne sy wetgewende mandaat optree.
Peter Gees v die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, die	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer: 6205/2015	Die Hof het bevestig dat, ten spyte van die feite in hierdie saak is anders as in die Qualidental-saak, die oplegging van voorwaardes is binne die parameters van die Nasionale Erfenishulpbronne Wet, 1999 en is in ooreenstemming met die algehele skema van die Wet. Voorwaardes kan opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar ingevolge artikel 34(1) van die Wet met dien verstande dat hulle vir 'n duidelike erfenisdoel opgelê word. In hierdie spesifieke geval die voorwaarde dat die erfenisowerheid mag beheer die vervangingstruktuur in 'n sloping is gehandhaaf. Dit het ook die kwessie aangespreek of die oplegging van so 'n voorwaarde was 'n oortreding van S25 van die Grondwet (die eiendomsreg) en bevind dat dit nie was nie.
Voorsitter, Onafhanklike Appèltribunaal, Erfenis Wes-Kaap, die Stad Kaapstad, Stadskom Belastingbetalers- en Inwonersvereniging	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer: 6205/2015	Die Hof het bevestig dat, ongeag dat die feite in hierdie saak verskillend is van dié in die Qualidental-saak, die oplegging van voorwaardes binne die raamwerk van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 is en met die algehele skema van die Wet ooreenstem. Ingevolge artikel 34(1) van die Wet kan voorwaardes opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur wat ouer as 60 jaar is, met dien verstande dat dit vir 'n duidelike erfenisdoel opgelê word. In hierdie spesifieke geval is die voorwaarde gehandhaaf dat die erfenisgesag die vervangende struktuur in 'n sloping mag beheer. Dit het ook gekyk na die kwessie van of die oplegging van sodanige voorwaarde 'n oortreding van artikel 25 van die Grondwet (die eiendomsreg) is en daar is beslis dat nie 'n oortreding is nie.

Hofsaak	Verwysing	Beskrywing
Piketberg Plaaslike Erfenis-komitee en Ander v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk en Ander (Erfenis Wes-Kaap 2de Verweerder)	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer: 1103/2016	Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK se Komitee oor die Beboude Omgewing en Landskappe (KBOL). KBOL het toestemming verleen vir die sloping van 'n gebou op erf 207 Piketberg. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die besluit te hersien, aangesien die bepalings van WBAG nie nagekom is nie. Die Hof het EWK se huidige beleid wat aandui dat raadpleging slegs met geregistreerde bewarings-liggame moet geskied, oorweeg en beslis dat, aangesien die besluite wat geneem is die potensiaal het om lede van die publiek te raak, breër openbare raadpleging nodig was. Dit sal beteken dat daar van aansoekers vereis sal word om voorstelle vir kommentaar van die publiek af te adverteer.
Bo-Kaap Burger- en Belastingbetalers-vereniging v Stad Kaapstad	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer: 7031/2017	Erfenis Wes-Kaap het as 'n applikant by hierdie aansoek aangesluit vir die hersiening van die besluit deur die Stad Kaapstad om die konstruksie van 'n multiverdiepingontwikkeling op hierdie terrein, wat gedeeltelik in 'n erfenis-beskermingsoorlegsone geleë is en aan die historiese Bo-Kaap grens, toe te laat. Erfenis Wes-Kaap het aangevoer dat die nabyheid van die ontwikkeling aan twee Provinsiale Erfenisterreine sou beteken dat dit die Provinsiale Erfenisterreine sou "wysig" en dat 'n permit ingevolge artikel 27 van die WNEH verkry moes word. Die hof het nie hierdie argument aanvaar nie. Die hof het ook geweier om die besluit van die Stad Kaapstad te hersien.
Midnight Storm Investments 170 (Edms) Bpk v Minister van Finansies en ander	Noord-Gauteng Hooggeregshof Saaknommer: 46055/2015	Die eiser in hierdie saak het vergoeding van die staat en EWK aangevra weens die verklaring van 'n gebied van hulle grond as 'n PET (die Bobbejaanpunt-PET by Elandsbaai). Die eisers het beweer dat die verklaring effektief hul regte om die grond te ontwikkel, ongedaan gemaak het en dat dit eerder 'n konstruktiewe onteiening of 'n onwettige vervreemding is van hul eiendomsregte wat deur artikel 25 van die Grondwet beskerm word. Alternatiewelik het hulle gevra dat die hof moet beslis dat die WNEH ongrondwetlik is, aangesien dit die vervreemding van eienaarskap sonder vergoeding magtig. Die hof het bevind dat die verklaring wettig is en dat dit nie op konstruktiewe onteiening neerkom nie. Die hof het voorts bevind dat die beskerming van eiendomsregte ingevolge artikel 25 nie absoluut is nie, maar aan openbarebelangregte onderworpe is.

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR

DIEPKLOOF ROTSSKUILING
WÊRELD ERFENIS TERREIN

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

1. OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die OGSA/ouditeur voer tans die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om beperkte sekerheid in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word ingesluit by die verslag aan bestuur onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die afdeling, Verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes, van die ouditeursverslag.

Verwys na bladsy 55 van die Ouditeursverslag wat in Deel F: Finansiële inligting gepubliseer word.

2. SITUASIE-ONTLEDING

2.1. Dienslewering somgewing

EWK is die provinsiale erfenishulpbrongesag wat vir die identifisering, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap verantwoordelik is. Sy mandaat om kultuursake in die provinsie te bestuur, is ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Grondwet van die Wes-Kaap en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH).

Hoewel dit nie 'n primêre verantwoordelikheid is nie, is daar 'n konstante vraag na dienste op die gebied van erfenisaansoeke vir die ontwikkeling van strukture ouer as 60 jaar ingevolge artikel 34 van die WNEH, en groter ontwikkelingsaansoeke wat kragtens artikel 38 vereis word. Die meeste van die artikel 34-aansoeke hou verband met strukture van plaaslike betekenis. Hierdie Graad III-strukture wat op plaaslike munisipale vlak bestuur moet word, is as sodanig vir talle jare deur EWK bestuur. Die bepalings van die WNEH ten opsigte van die nasionale en provinsiale grondwetlike mandate wys die bestuur van erfenishulpbronne aan drie sfere van regering toe: nasionaal (Graad I) soos bestuur deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap (SAEHA); provinsiaal (Graad II) soos bestuur deur die provinsiale erfenis-hulpbrongesag (PEHG), Erfenis Wes-Kaap (EWK); en erfenishulpbronne van plaaslike betekenis (Graad III) soos bestuur deur plaaslike owerhede.

Die proses om funksies aan plaaslike owerhede te delegeer het baie interaksies en herhaalde gesprekvoering met plaaslike owerhede behels. In die besonder is gesprekke met die Stad Kaapstad (SK) reeds ver gevorderd en belangrik om af te handel, aangesien SK oor die afgelope tien jaar bevoeg bevind is om Graad III-erfenishulpbronne te bestuur. Die meerderheid permitaansoeke wat deur EWK verwerk word, is grotendeels artikel 34-aansoeke vir strukture ouer as 60 jaar, met dié aansoeke (bestaande uit opknappings, aanbouings en gedeeltelike slopings, en algehele slopings) wat 74% uitmaak van die totale aansoeke wat in die boekjaar 2023-2024 ontvang is. Hoewel EWK en die SK 'n strategie vir 'n gefaseerde benadering ten opsigte van die delegasies vir die bestuur van plaaslike erfenishulpbronne ontwikkel het, is dit duidelik nodig dat die delegasies afgehandel moet word. Die voordeel hiervan sal wees dat die plaaslike owerheid, in hierdie geval die SK, in wese 'n 'eenstopwinkel' vir die verwerking van artikel 34-ontwikkelingsaansoeke sal word. Dit sal nie meer nodig wees om aansoekers na die EWK te verwys nie, en dit sal dus meer doeltreffend as 'n eenmalige diensleweringsproses wees in plaas van die twee prosesse wat aansoekers tans via die plaaslike owerheid en EWK moet volg. EWK is bewus van die positiewe resultate wat dit sou lewer om rompslomp in dienslewering vir aansoekers te verminder en 'n instaatstellende omgewing vir die Wes-Kaapse Regering se Groei vir Werkskepping-strategie te verseker.

Alhoewel EWK steeds 'n beduidende werklading het om, benewens die bestuur van Graad II-erfenishulpbronne, dié van plaaslike betekenis te bestuur, speel EWK steeds 'n sleutelrol in die goedkeuringsprosesse van ontwikkelings wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenis-hulpbronne vereis word. Die behoefte aan ekonomiese stimulus en groei in die provinsie plaas 'n verwagting op EWK om doeltreffend op inkomende ontwikkelingsaansoeke te reageer. Ten einde dienste te stroomlyn het amptenare wat deur die Departement van Kultuursake en Sport gesekondeer is om met die werksaamhede van EWK te help, opleiding in Lenige Bestuur ontvang wat deur die Lean Institute Africa en die Universiteit van Kaapstad se nagraadse bestuurskool verskaf is. Hierdie opleiding is deur die eenheid vir rompslomp-vermindering van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) gefasiliteer en aangebied.

Die opleiding in Lenige Bestuur het uit twee fases bestaan – die eerste fase was 'n twee-daagse program wat die beginsels, grondbeginsels en strategieë van die Lenige Bestuur-metodologie gedek het. Dit is gevolg deur 'n intense

Fase Twee-program van drie maande wat die metodologie in meer besonderhede uiteengesit het, met die fokus op 'n omvattende begrip van elke pilaar van die metodes en op die doeltreffende identifisering en oplossing van probleme deur werknemers op alle bedryfsvlakke. Die EWK-span het die EWK-permit-aansoekproses as 'n gevallestudie gebruik om Lenige Bestuur-metodologie te implementeer, en het gebiede van vermorsing, oorbenutting en onderbenutting van hulpbronne geïdentifiseer en bepaal watter prosesse waarde vir aansoekers toevoeg.

Die opleiding was baie suksesvol en was die eerste Lenige Bestuur-opleiding wat deur 'n hele span oor alle vlakke van hul werksaamhede gedoen is. Hierdie opleiding het die span voorsien van uitkomste vir beplanning om voortdurend hul dienste te verbeter, vermorsing te minimeer en 'n kultuur van burgergesentreerde dienslewering te skep. Dié uitkomste sal in die toekoms deur 'n operasionele verbeteringsplan vir dienslewering nagespoor en hersien word. Die padkaart is in 2022/2023 ontwikkel om die entiteit in die verbetering van sy dienste te rig.

Verteenwoordigers van EWK het in die oorsigjaar deelgeneem aan die vestiging van die Provinsiale Taakspan vir GvSD (gemak van sake doen), 'n transversale span departemente wat werk om sistemiese beperkings en rompslomp in die regering en sy agentskappe te verminder om te verhoed dat ekonomiese groei en werkskepping teruggehou word. Soos wat met die span vir Vastekapitaal-eiendomsontwikkeling (FKEO) die geval is, sal dit op die pad vorentoe 'n belangrike transversale platform wees vir EWK om aan deel te neem en deur sy werk by te dra. Die FKEO is in 2019 as 'n proeflopie bekendgestel en het sedertdien sy werk suksesvol voortgesit. Die inisiatief het ten doel om versperrings in dienslewering op verskeie sleutelpunte van groei vir die provinsie te identifiseer en te behandel. Die geïdentifiseerde probleem wat die span met betrekking tot EWK wou aanpak, was: "Werkverliese en dalende ekonomiese aktiwiteit in die konstruksie- en eiendomontwikkelingsbedryf in die Stad Kaapstad".

EWK het voortgegaan met sleutelinisiatiewe wat met die werk van die FKEO begin is. Dit sluit in:

- Sekere gebiede of soorte ontwikkeling se vrystelling van die vereiste om erfenis-magtiging te verkry.
- Interaksie met plaaslike owerhede om hulle aan te moedig om ingevolge die WNEH bevoeg verklaar te word om plaaslike erfenishulpbronne te bestuur wat tot doeltreffende besluitneming op plaaslike vlak sal lei.
- Volgehoue identifisering van aspekte wat permitaansoekprosesse kan bevaartlyn of bespoedig, met inagneming van kennis wat uit die Lenige Bestuur-metodologie opgedoen is.

Voorts is sewe gebiede geïdentifiseer om vrygestel te word van die vereistes van artikel 34 en 38 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999 (WNEH). Hierdie gebiede behels 'n gedeelte langs die Voortrekkerkorridor asook ses ander voorgestelde gebiede, naamlik Airport Industria, Atlantis, Flamingo, Kuilsrivier, Mitchells Plain en Ottery/Lansdowne.

Die doel van die vrystellingsproses is om geografiese gebiede met beperkte erfenishulpbronne vry te stel van die vereiste om ingevolge artikel 34(1) van die WNEH 'n permit vir die verbouing of sloping van 60-jaar-oue strukture te verkry, en van die vereistes van artikel 38 rakende impakbepalings met die goedkeuring van die Minister van Kultuursake en Sport. Die vrystellingsproses is daarop gerig om die getal aansoeke wat by Erfenis Wes-Kaap (EWK) ingedien word, te verminder en om sekerheid en 'n meer vaartbelynde proses vir ontwikkeling in hierdie gebiede te verskaf. EWK sal voortgaan om met die Stad Kaapstad en ander belanghebbendes saam te werk om te sorg dat vrystellings toegestaan word, waar toepaslik, om die noodsaaklikheid vir erfenisgoedkeurings te verminder in gebiede waar erfenishulpbronne nie geraak sal word nie.

Die diensleweringsomgewing stel steeds hoë eise ten opsigte van doeltreffende dienste wat vir die publiek toeganklik is. Aangeleenthede soos ekonomiese groei, werks-geleenthede, tegnologie, maatskaplike welsyn, die omgewing en die welstand van die mense van die Wes-Kaap is in ag geneem. Die prioriteitsareas wat in die boekjaar geïdentifiseer is en wat ook volgens beplanning in EWK se Jaarlikse Prestasieplan aangedui word, beklemtoon prioriteite in erfenishulpbronbestuur wat steeds aandag geniet. Dit sluit in:

1. Om 'n doeltreffende stelsel vir erfenishulpbronbestuur te bou wat verseker dat belanghebbendes en gemeenskappe vertroue in die werk van die EWK deur sy beleide, regulasies en riglyne sal hê.
2. Om nouer met munisipaliteite en bewaringsliggame saam te werk om die beskerming en bevordering van betekenisvolle erfenishulpbronne in die provinsie ingevolge die WNEH te verseker.

3. Om erfenisgeleenthede en -programme aan te bied om klem te lê op die positiewe en stabiliserende uitwerking wat erfenis in gemeenskappe kan hê om maatskaplike euwels uit te wis, maatskaplike samehorigheid te skep en aktiewe burgerskap te bou.

Maatreëls vir sakekontinuïteit is ingestel en die bestuurspan hersien die operasionele skedules om by onderbrekings in dienslewering aan te pas en dit te beperk, veral vir bydraende faktore soos beurtkrag wat teen die einde van die boekjaar verminder het. Die skedules vir beurtkrag is deurlopend hersien en vergaderingstye en die volgorde van sake op komiteevergaderings is gewysig om seker te maak dat lede van die publiek met die oorweging van hul permitaansoeke geakkommodeer word. EWK se vereiste vergaderings het almal suksesvol deur die loop van die boekjaar plaasgevind. Die aanlyn vergaderings was baie voordelig vir belanghebbendes en belangstellende en geaffekteerde partye. In-persoon-komiteevergaderings is minstens een keer per kwartaal gehou om die nodige persoonlike kontak met lede en amptenare te verseker. Lede van die publiek kan komiteevergaderings van EWK bywoon, hetsy aanlyn of in persoon.

Die rol van plaaslike bewaringsliggame en belangegroepe beïnvloed en help EWK om 'n kollektiewe, geïntegreerde benadering tot die bestuur van erfenis toe te pas en om die WKR se dienslewering te verbeter. Daar was vanjaar tydens interaksie baie gesprekvoering oor die betekenis van ontasbare erfenishulpbronne en die insluiting van Eerste Nasie-groepe by sulke gesprekke. EWK waardeer die rol wat bewaringsliggame en belangstellende erfenisgroepe in plaaslike gemeenskappe speel, en maak staat op aktiewe en betrokke gemeenskappe om met die identifisering, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie behulpsaam te wees.

EWK maak 'n integrale deel uit van die waardeketting met betrekking tot die WKR se dienslewering, en lewer voorspraak onder belanghebbendes vir 'n volhoubare ontwikkelingsbenadering wat kultuur en erfenis 'n vername onderdeel in die ontwikkeling en welstand van die samelewing maak. Om hierdie rede is daar meer gefokus op die administrasie en goedkeuring van bewaringsliggame van EWK ingevolge artikel 25 van die WNEH. Vier aansoeke is tydens die aanvanklike voorlegging op die vergaderings van die Komitee oor Voorraad, Gradering en Interpretasies goedgekeur, en nog twee aansoeke is aanvaar nadat "verdere vereistes" nagekom is. Ongeveer 5.12% van die bewaringsliggame wat reeds geregistreer is, het die indiening van notules van hul jaarvergadering en verslae nagekom. Slegs een geregistreerde bewaringsliggaam het aansoek gedoen om grense wat gewysig moes word. Telefoniese navrae en navrae per e-pos het 26% van hierdie portefeulje se take uitgemaak. Die grafiek in figuur 1 bied 'n statistiese opsomming van EWK se bestuur van bewaringsliggame, met 'n totaal van bykans 27% wat verband hou met navrae oor die administrasie van bewaringsliggame. EWK het as deel van die opleiding van erfenisinspekteurs ook vir bewaringsliggame genooi om aan opleiding deel te neem, aangesien hulle in plaaslike gemeenskappe regdeur die provinsie as belangrike erfeniskampioene beskou word.



Figuur 1: Take met betrekking tot bewaringsliggame

Laastens is die behoefte aan toepaslik gekwalifiseerde personeel en, waar moontlik, personeel wat ervare is in erfenishulpbronbestuur, 'n voortdurende uitdaging in die omgewing van erfenishulpbronne. Plaaslike en nasionale posisies in hierdie dissipline bied dikwels meer mededingende salarisse as wat op 'n provinsiale vlak aangebied kan word. Dit is dus onvermydelik dat sommige personeel sal kies om na poste te skuif wat hoër salarisse betaal. Een aspek van EWK se Diensleweringverbeteringsplan behels die hantering van hierdie potensiële personeelafname deur op die welstand van personeel te fokus en niegeldelike aansporings aan te bied wat tot die ontwikkeling van 'n gesonde en gewaardeerde organisatoriese en spankultuur bydra. Inisiatiewe soos die Lenige Bestuur-opleidingsmetodologie wat deur DEOT onderneem word, het aan die personeel strategieë verskaf en selfvertroue gebou om dienslewering te verbeter. Hierdie kwalitatiewe veranderinge binne die werkomgewing sal nie net die eksterne diensleweringsomgewing oor die lang termyn bevoordeel nie, maar ook die interne diensleweringsomgewing.

2.1.1 Opsomming van aansoeke, terreininspeksieverslae en navrae

Alhoewel die WNEH bepaal dat 'n provinsiale erfenishulpbrongesag 'n verskeidenheid aktiwiteite kan onderneem, bestaan die meerderheid van die EWK se werk steeds uit die verwerking van aansoeke ingevolge Hoofstuk II van die Wet. EWK het gedurende die oorsigjaar 2 218 erfenisaansoeke verwerk.

'n Gekoördineerde terreininspeksieprogram is deur EWK-amptenare onderneem, spesifiek om die status van museums in die provinsie te ondersoek. Hierdie inspeksies help museum-bestuurders en hul onderskeie rade om instandhoudingsvereistes op die terrein na te kom en om behoorlik daarvoor te beplan om die museum en erfenishulpbron te bewaar. Amptenare het in reaksie op 'n brand in die Agulhas-streek 'n PET, Hotagerklip, geïnspekteer en met die eienaars en SAEHA oor die onmiddellike beveiliging en langtermynrestourasieplanne vir die terrein geskakel. EWK het voorts in ooreenstemming met sy JPP-teiken vir die boekjaar terreininspeksies van PET'e uitgevoer, asook aangemelde onwettige werke geïnspekteer.

Die volgende terreininspeksies is as deel van die aanwyser in die jaarlikse prestasieplan uitgevoer en verslae is opgestel oor die evaluering van die terreinvereistes vir erfenisbewaring: Paarl Museum, Kaapstad Mediese Museum, Hotagerklip in Struisbaai, Montagu Museum, Bredasdorp Museum, en die Kalkoond in Jacobus Kraal. Die verslae is gebruik vir verdere interaksie met die eienaars van die eiendomme oor enige instandhouding en bewaring wat nodig was. Suksesvolle gesprekvoering vind voortdurend met die eienaars plaas oor verskeie terreine onder hul bestuur wat formeel beskerm word.

2.1.2 Getal aansoeke per jaar

Die meerderheid aansoeke was ontwikkelingsaansoeke ten opsigte van opknappings, aanbouings of totale sloping van strukture wat ouer as 60 jaar is ingevolge artikel 34 van die WNEH. Uit die 2 218 aansoeke wat deur EWK verwerk is, het 84 aansoeke oor die bestuur van Provinsiale Erfenisterreine gegaan, en 18 was permitaansoeke vir die uitgrawing van of navorsing oor argeologiese of paleontologiese terreine of voorwerpe. Daarbenewens is ontwikkelingsaansoeke, naamlik 430 Kennisgewings van Voorneme om te Ontwikkel en 65 Erfenisimpakbepalings ontvang.

Die grafiek in figuur 2 illustreer die getal aansoeke wat in die afgelope vyf boekjare ontvang is en die grafiek in figuur 3 illustreer die soort aansoeke wat deur EWK ontvang is:



Figuur 2: Getal aansoeke in die afgelope vyf boekjare ontvang



Figuur 3: Soort aansoeke wat deur EWK ontvang is

2.1.3 Verwerking van aansoeke deur EWK-komitees

Aansoeke aan EWK word deur die volgende komitees verwerk: Komitee oor die Beboude Omgewing en Landskappe (KBOL), Komitee oor Voorraad, Gradering en Interpretasies (KVGI), Komitee oor Impakbepaling (KIB), Appèlkomitee, en Vergaderings van Erfenisbeamptes (VEB). Die VEB bestaan uit 'n komitee van personeel van die Departement wat met die werksaamhede van EWK help en deur die Raad van EWK gedelegeer is om besluite te neem oor permitaansoeke wat by EWK ingedien is. Die KBOL, KVGI, KIB en Appèlkomitee bestaan uit lede van die publiek wat aangestel is ná 'n beroep op nominasies. Hierdie lede het die nodige bevoegdhede en erfeniskennis om die Raad met sy werk behulpsaam te wees.

Die agendas vir alle komiteevergaderings word op EWK se webwerf geplaas en gesirkuleer na partye wat die vergaderings wil bywoon en aan gesprekvoering wil deelneem. Die grafiek hier onder (Figuur 4) illustreer die persentasie aansoeke wat deur elke komitee oorweeg is, wat die getal vergaderings aandui wat deur elke komitee gehou is om besluite oor aansoeke te neem. Die totale getal komiteevergaderings vir die jaar was 101 (twee meer as die beplande teiken van 99 vergaderings). Die meerderheid van die vergaderings deur die jaar het bestaan uit die Vergaderings van Erfenisbeamptes, aangesien dit op dié vergaderings is waar die meeste aansoeke afgehandel

is, soos aangedui in figuur 3 en 4. 'n Daadwerklike poging is aangewend om die getal sake wat na ander komitees verwys word, te verminder en te fokus op niekontroversiële erfenisbepalings wat vinniger hanteer kan word. Die lesse wat uit Lenige Bestuur geleer is, het die span verdere insig gegee oor hoe om die werklading van die VEB te verminder en die dienste vir aansoekers in die erfenisgoedkeuringstelsel by EWK voortdurend te verbeter.



Figuur 4: Getal aansoeke wat deur EWK verwerk is



Figuur 5: Persentasie vergaderings wat deur elke EWK-komitee gehou is

2.1.4 Interne appèlproses

Artikel 49 van die WNEH bepaal dat EWK 'n interne stelsel van appèlle moet implementeer, wat óf deur die Raad óf 'n Appèlkomitee oorweeg moet word. Regulasies wat deur EWK ingestel is, bepaal dat die Appèlkomitee uit twee Raadslede en tot drie bykomende lede moet bestaan. Die Appèlkomitee oorweeg appèlle deur enige party ten opsigte van 'n aansoek (applikant of belangstellende en geaffekteerde partye) wat ontevrede is met 'n besluit van een van die EWK se komitees. Gedurende die boekjaar onder oorsig is altesaam 24 aansoeke om appèl by die Appèlkomitee aanhangig gemaak. Die appèlle was meestal artikel 34-aansoeke in verband met geboue wat ouer as 60 jaar is. Daar was ook appèlle teen die uitreiking van argeologiese permitte ingevolge artikel 35 van die WNEH.

2.1.5 Appèlle aan die Onafhanklike Tribunaal oor Erfenis

Indien enige lid van die publiek of 'n aansoeker ontevrede is met 'n besluit van die Appèlkomitee, kry hulle die geleentheid om ingevolge artikel 38(6) en 49 van die WNEH hul appèl na die Minister van Kultuursake en Sport te eskaleer. Die Minister (Uitvoerende Gesag) het die bevoegdheid om 'n onafhanklike tribunaal in te stel wat uit drie kenners met kundigheid in erfenis- of regsaangeleenthede bestaan. Die Ministeriële Tribunaal is onafhanklik van EWK, en die appèl word as 'n breë appèl aangehoor wat beteken dat die tribunaal nuwe inligting kan oorweeg wanneer die gronde vir appèl hersien word. Die tribunaal kan egter nie verder gaan as die bestek van wat deur die appellant as die gronde vir appèl aangevoer is nie. Besluite is gedurende die boekjaar onder oorsig na die Ministeriële Onafhanklike Tribunaal verwys, waarvan nege in die boekjaar oorweeg is. Uitsprake is vir nege sake uit die aangehoorde items ontvang, waarvan ses in EWK se guns was en een appèl voor die verhoor teruggetrek is.

2.2. Organisatoriese omgewing

Die Minister van Kultuursake en Sport het op 1 November 2022 'n nuwe Raad van EWK aangestel, aangesien die vorige Raad se driejaartermyn op 31 Oktober 2022 geëindig het. Die nuwe Raad bestaan uit lede met uiteenlopende kwalifikasies en kundigheid, wat wissel van argitektuur, stadsbeplanning en strukturele ingenieurswese tot erfenishulpbronbestuur, besigheid en die regte.

Die nuwe Raad het in Februarie 2023 sy komitees aangestel ná 'n openbare beroep op nominasies en 'n finale beoordeling van lede. Die KBOL, KIB, KVGI en Appèlkomitee wat vanaf 1 Maart 2023 aangestel is, het hul goed van hul taak gekwyt en die voorsitters van die komitees het op die kwartaallikse Raadsvergaderings verslag oor hul werk gedoen. Die termyne van die komitees stem ooreen met die driejaartermyn van die Raad wat op 31 Oktober 2025 sal eindig. Die komiteelede beskik oor vaardighede en kundigheid wat relevant is tot hul aangewese komiteefunksies wat deur die Raad gedelegeer is. VEB is die enigste komitee wat uitsluitlik bestaan uit personeel wat deur die DKES aangestel is en die entiteit met sy funksies bystaan. VEB word deur die Raad gedelegeer om besluite oor aansoeke aan EWK te neem.

Benewens operasionele ondersteuning verskaf die DKES 'n jaarlikse subsidie aan EWK om dit in staat te stel om die WNEH te implementeer. 'n Oordragbetaling van R1,621,000 is in die oorsigjaar in die eerste kwartaal gemaak, met 'n tweede oordragbetaling van R272,366 in die vierde kwartaal om die entiteit te steun in sy mandaat om erfenis-hulpbronne in die provinsie te identifiseer, te beskerm, te bevorder en te bestuur.

EWK het begin om sy inkomstestroom te evalueer om die entiteit se operasionele haalbaarheid oor die lang termyn te verseker; permitaansoekfooie is verhoog om ooreen te stem met markverwante fooie wat deur soortgelyke instellings gehef word. Een van sy inkomstestrome is die heffing van fooie vir die verwerking van permit-aansoeke. Hierdie fooiverhogings neem toekomstige delegasies en die verwerking van erfenispermitaansoeke op plaaslike owerheidsvlak in ag – wat die entiteit se inkomste uit permitaansoekfooie sal verminder. Die huidige fooistruktuur is sedert Julie 2016 van krag en EWK het 'n grondige evaluering gedoen om 'n deurdagte en billike verhoging vas te stel op grond van vergelykbare fooie wat deur soortgelyke organisasies gehef word. Die Raad van EWK het ingestem tot die bygewerkte fooistruktuur, en die goedkeuring daarvan deur Provinsiale Tesourie is hangende.

Wat die finansiële scenario betref, is moontlike regstappe ná besluitneming oor permit-aansoeke 'n inherente risiko ten opsigte van gebeurlike verpligtinge waarvoor EWK te staan kan kom. Hierdie risiko is toepaslik in die risikotoleransievlak gematig, aangesien 'n aangestelde regsadviseur (adjunkdirekteur) oor alle besluite en vergaderings van die Raad en komitees toesig hou. 'n Assistent-direkteur is suksesvol as deel van die regspan aangestel.

Werwing het gedurende die jaar voortgegaan om te verseker dat bykomende personeelkapasiteit aan EWK verskaf is as deel van die DKES se kapasitering van sy afdeling vir Erfenishulpbronbestuursdienste binne die direktoraat Museums, Erfenis en Geografiese Name. Personeel in hierdie afdeling word na die entiteit gesekondeer en dit sluit administratiewe steun in.

2.3. Belangrike beleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

2.3.1 Beleidsontwikkeling

Die volgende beleide is gedurende die boekjaar deur die Raad saamgestel en gewysig:

Beleid	Beskrywing
Beleid oor Erfenisinspekteurs	Die doel van hierdie beleid is om kriteria vas te stel vir die aanstelling en opleiding van Erfenisinspekteurs en die uitvoering van inspeksies, en om die voldoening aan artikel 50 van die WNEH te verseker.
Prosedure vir die vrystelling van 'n gedefinieerde geografiese gebied vir die bepalings van artikel 34 van die WNEH	Die doel van hierdie prosedure is vir die vrystelling van sekere geografiese gebiede van die noodsaaklikheid om 'n permit ingevolge artikel 34 van die WNEH te verkry; dit sal die getal aansoeke wat deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) beoordeel word, verminder en sal sekerheid aan voornemende kopers en ontwikkelaars bied. Die vrystelling sal van toepassing wees op 'n geïdentifiseerde gebied wat nie geag word van voldoende erfenisbetekenis te wees om formele beskerming as 'n erfenisgebied te regverdig nie, en wat dus sonder 'n permit tot ontwikkeling in staat is. Enige individuele erfenishulpbronne binne die gebied kan op die erfenisregister geplaas word om sodoende hul beskerming te verseker.

2.3.2 Strafbare aanklagte

Saaknommer	Saaknaam	Status
76/5/2015	Staat v L Raymond met betrekking tot Hoofweg 191, Paarl ('n Provinsiale Erfenisterrein)	Die saak is deur die landdroste by die Paarl-hof aangehoor en 'n verteenwoordiger van EWK het daar getuig. Die saak is tot 9 Julie 2021 uitgestel. Die saak is weens Covid-19-regulasies verder tot 4 Oktober 2021 uitgestel, en weereens tot 24 Februarie 2022 en toe tot 14 Maart 2022 om 'n finale datum vas te stel vir die aangeleentheid om op 10 Mei 2022 aangehoor te word. Die saak is toe weer tot 20 Junie 2022 uitgestel. 'n Vergadering is vervolgens tussen die Landdros en die verweerder gehou. Erfenis Wes-Kaap is daarna in kennis gestel dat die saak teruggetrek is, sonder om die redes vir die terugtrekking te verskaf. Redes vir die terugtrekking word vanaf die Landdroshof ingewag.

2.3.3 Hofsake van EWK

EWK was gedurende die boekjaar onder oorsig by die volgende hofsake betrokke::

Saak-nommer	Hof	Aangeleentheid	Status
46055/15	Noord-Gauteng Hoog-geregshof	Midnight Storm Investments 170 (Edms) Bpk v Minister van Kuns en Kultuur en ander	Die eiser in hierdie saak het vergoeding van die staat en EWK gesoek weens die verklaring van 'n gebied van hulle grond as 'n PET (die Bobbejaanpunt-PET by Elandsbaai). Die eisers het beweer dat die verklaring effektief hul regte om die grond te ontwikkel, ongedaan gemaak het en dat dit eerder 'n konstruktiewe onteiening of 'n onwettige vervreemding is van hul eiendomsregte wat deur artikel 25 van die Grondwet beskerm word. Alternatiewelik het hulle gevra dat die hof moet beslis dat die WNEH ongrondwetlik is, aangesien dit die vervreemding van eienaarskap sonder vergoeding magtig. Die hof het bevind dat die verklaring wettig is en dat dit nie op konstruktiewe onteiening neerkom nie.

			Die hof het voorts bevind dat die beskerming van eiendomsregte ingevolge artikel 25 nie absoluut is nie, maar aan openbare-belangregte onderworpe is. Die uitspraak is geappelleer. Die applikant het EWK daarna genader om 'n voorgestelde skikking te ondersoek en is in die proses om 'n gewysigde aansoek by EWK in te dien. Die appèlproses is hangende die uitslag van die aansoek opgeskort.
14894/17	Wes-Kaapse Hoog-geregshof	Exclusive Access Trading 570 (Edms) Bpk v Voorsitter, Onafhanklike Tribunaal, Minister van Kultuursake en Sport en Erfenis Wes-Kaap	Nog in die pleidooistadium

2.4. Vordering ter bereiking van institusionele impakte en uitkomste

EWK het sy strategiese plan en prestasieplan in ooreenstemming gebring met die Provinsiale Visie-geïnspireerde Prioriteite binne die konteks van sy wetlike mandaat om erfenishulpbronne ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) te identifiseer, te beskerm, te bewaar, te bestuur en te bevorder. Die beoogde strategiese impak is "die bewaring en bevordering van erfenishulpbronne wat 'n gevoel van maatskaplike inklusiwiteit bou en tot ekonomiese groei bydra". Die uitkoms-aanwysers weerspieël die geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne, met die eerste uitkomsaanwyser wat handel oor die beskerming van erfenishulpbronne en die tweede een wat fokus op die bestuur van erfenishulpbronne deur middel van bevordering.

Daar was oor die afgelope jaar bevredigende uitkomste met betrekking tot hierdie strategiese aanwysers, aangesien alle teikens in die Jaarlikse Prestasieplan onder oorsig bereik is. Een teiken is oorskry: die getal Raads- en Komiteevergaderings wat gehou is om besluite ingevolge die WNEH te neem. Boonop dien die Padkaart vir Dienslewering-verbetering as 'n hulpmiddel om die operasionele implementering van die verbeterings-padkaart na te spoor, met die klem op 'n burgersentriese benadering tot dienslewering om kapasiteit uit te brei, erfenis te bevorder en doeltreffendheid te verbeter.

Die merkwaardige bewyse van vroeë menslike gedrag en gereedskap wat terugdateer na meer as 160 000 jaar gelede.

Dit het waardevolle insigte verskaf in die komplekse geskiedenis van menslike evolusie en kusaanpassings.

3. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM: ERFENISHULPBRON-BESTUURSDIENSTE

3.1 Program/aktiwiteit/doelwit

Die doel van Erfenis Wes-Kaap is om die Minister te adviseer oor die implementering van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) en sodoende die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te beskerm en te bestuur.

Sleutelprestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Programme / Sub-programme:									
Nr.	Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geoudi-teerde werklike prestasie	Geoudi-teerde werklike prestasie	Beplande jaarlikse teiken	Werklike prestasie	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie	Redes vir afwykings
				2021/22	2022/23	2023/24	2023/24	2023/24	
1.1	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap.	Beleide; regulasies; riglyne of protokolle ontwikkel en goedgekeur.	Getal beleide, regulasies, riglyne of protokolle deur die Raad goedgekeur.	1	1	1	2	+1	Die Gedragskode is in ooreen-stemming met die Interne Oudit-aksieplan hersien.
1.2	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap.	Terrein-inspeksies deur EWK uitgevoer.	Getal terrein-inspeksies wat by provinsiale erfenis-terreine uitgevoer is.	4	4	7	7	-	
1.3	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap.	Geskeduleerde vergaderings van EWK se Raad en komitees om die WNEH te implementeer.	Getal Raads- en komitee-vergaderings wat gehou is om besluite ingevolge die WNEH te neem.	117	111	99	101	+2	Twee bykomende vergaderings is bo en behalwe die jaarlikse teiken van 99 vergaderings gehou om te verseker dat permit-aansoeke binne die wetlike tydraamwerke verwerk is.

Programme / Sub-programme:									
Nr.	Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Geoudi-teerde werklike prestasie	Geoudi-teerde werklike prestasie	Beplande jaarlikse teiken	Werklike prestasie	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie	Redes vir afwykings
				2021/22	2022/23	2023/24	2023/24	2023/24	
1.4	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap.	Die erkenning dat die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein is deur middel van 'n promosie-geleentheid	Die erkenning dat die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein is deur middel van 'n promosie-geleentheid	2	2	4	4	-	
1.5	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap.	Werkswinkels of vergaderings wat gehou word om bewustheid te skep oor die belangrikheid van die bewaring van erfenishulp-bronne en die bestuurs-implikasies van sodanige hulpbronne	Getal programme wat aangebied is om erfenishulp-bronbestuur te bevorder	4	4	4	4	-	

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Die entiteit het al sy teikens vir die oorsigjaar behaal. Die uitkomsaanwyser "Getal Raads- en komiteevergaderings wat gehou is om besluite ingevolge die WNEH te neem" met 'n jaarlikse teiken van 99, is oorskry met twee vergaderings en met 'n werklike prestasie van 101. Daar was geen gebiede van onderprestasie vir die entiteit in die oorsigjaar nie.

Program/ sub-program	Ingryping	Geografiese ligging (provinsie/ distrik/ plaaslike munisipaliteit (waar moontlik)	Getal begunstigdes (waar moontlik)	Dis-aggregasie van begunstigdes (waar moontlik)	Totale begrotings-toewysing per ingryping (R'000)	Begroting bestee per ingryping	Bydrae tot die uitsette in die JPP (waar van toepassing)	On-middel-like uit-komste
N.v.t.								

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die entiteit het al sy prestasieteikens bereik wat onderstut is deur die uitgawes vir die oorsigjaar.

Program	2023/24			2022/23		
	Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding	Begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ onder-besteding
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Goedere en dienste	2 727	2 722	5	2 648	1 585	1 063
TOTAAL	**2 727**	**2 722**	**5**	**2 648**	**1 585**	**1 063**

4. INKOMSTE-INVORDERING

Bron van inkomste	2023/24			2022/23		
	Beraming	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/ Onder-invordering	Beraming	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/ Onder-invordering
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Ander bedryfs-inkomste	824	845	*(21)	750	1 791	(1 041)
Oordrag-betaling	1 621	2 195	**(574)	1 573	1 573	-
Rente-inkomste	282	830	***(548)	361	462	(101)
Ander niebelasting-inkomste	-	-	-	0	25	(25)
Totaal	**2 727**	**3 870**	**(1 143)**	**2 648**	**3 815**	**(1 167)**

** Die afwyking is weens meer erfenisaansoeke wat ontvang is as wat daar verwag is.*

*** Daar is in die oorsigjaar bykomende befondsing vanaf die Departement van Kultuursake en Sport vir 'n spesifieke projek ontvang en die tweede deel van die VSA Ambassadeursbefondsing is vir die Diepkloof-projek ontvang.*

**** Die afwyking is weens die styging in die rentekoers vir die jaar onder oorsig.*

4.1. Kapitaalbelegging

Nie van toepassing nie.

PINNACLE POINT WERF
KOMPLEKS WERELD
ERFENIS TERREIN

DEEL C: BESTUUR

1. INLEIDING

Korporatiewe regeringsbestuur behels prosesse en stelsels waarvolgens openbare entiteite gerig, beheer en aanspreeklik gehou word. Benewens wetgewende vereistes wat op 'n openbare entiteit se magtigende wetgewing en die Maatskappywet gegrond is, word korporatiewe regeringsbestuur ten opsigte van openbare entiteite deur die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) toegepas en loop saam met die beginsels vervat in die King-verslag oor Korporatiewe Regeringsbestuur.

Die Parlement, die Uitvoerende Gesag en die Rekenpligtige Gesag van die openbare entiteit is verantwoordelik vir korporatiewe regeringsbestuur.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die komitees van die Provinsiale Parlement wat toesig oor Erfenis Wes-Kaap hou, is die Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid en Kultuursake en Sport, en die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR).

Vergadering	Onderwerp
Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid en Kultuursake en Sport	
31 Oktober 2023	Bespreking oor die 2022/23-jaarverslae van die DKES en sy entiteite
29 November 2023	Beraadslaging oor Begrotingspos 13 van die WK Aansuiweringsbegroting 2023
13 Maart 2024	Beraadslaging oor Begrotingspos 13 van die WK Begroting 2024

SKOOR besluite

Geen besluite is vir die Departement gepubliseer nie.

Die Departementsentiteite het die volgende verbintenisse met die Provinsiale Rekeningkomitee gehad:

Vergadering	Onderwerp
Komitee oor Provinsiale Rekeninge	
31 Oktober 2023	Beraadslaging oor die 2022/23 Jaarverslag vir die Wes-Kaapse Taalkomitee, Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Erfenis Wes-Kaap.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Uitvoerende Gesag het verantwoordelikheid vir toesig geneem deur finansiële en niefinansiële inligting vir die oorsigtydperk te monitor. Die volgende verslae is vir moniteringsdoeleindes ingedien:

Kwartaallikse prestasieverslag	31 Julie 2023; 31 Oktober 2023; 31 Januarie 2024; 30 April 2024
In-jaar-moniteringsverslag	31 Julie 2023; 31 Oktober 2023; 31 Januarie 2024; 30 April 2024

4. DIE REKENPLIGTIGE GESAG/RAAD

4.1 Inleiding

Die Raad is ingestel ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 en regulasies wat as Provinsiale Kennisgewing 336 van 25 Oktober 2002 uitgevaardig is. Die Raad word vir ’n termyn van drie jaar aangestel.

4.2 Die rol van die Raad

Die Raad is die Rekenpligtige Gesag en besluitnemingsgesag oor beleidsaangeleenthede en alle areas van besluitneming ingevolge die WNEH wat nie aan sy komitees, personeel of munisipaliteite gedelegeer is nie.

Die entiteit het gedurende die oorsigjaar twee rade gehad wie se termyne oorvleuel het. Die vorige Raad se termyn het op 31 Oktober 2022 geëindig en die huidige Raad is op 1 November 2022 aangestel; hul ampstermyn eindig op 31 Oktober 2025.

4.3 Handves van die Raad

Erfenis Wes-Kaap het nie ’n formele handves nie, maar word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) gerig.

Samestelling van die huidige Raad (aangestel vanaf 1 November 2022 tot 31 Oktober 2025)

Naam	Posbenaming (volgens die openbare entiteit se Raad-struktuur)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raadsdirekteur-skappe (lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne (bv. ouditkomitee / ministeriële taakspan	Getal verga-derings by-gewoon
Reyhana Gani	Voorsitter	17 November 2022	N.v.t.	Geoktrooieerde Rekenmeester	Finansies, interne en eksterne oudit, risikobestuur, IT, dissiplinêre en prestasie-verslagdoening, JPP, strategie	N.v.t.	N.v.t.	4
Ron Martin	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Sertifikaat in Metodologie van Mondelinge Geskiedenis (honneursvlak); nagraadse Diploma in Museum- en Erfenisstudie (honneursvlak)	Erfenishulpbron-bestuur; Geheue; inheemse praktyke; verborge geskiedenisse	SA First Peoples' Museum Foundation (Edms) Bpk; SA Sendinggestig Trust.	KVGI	12
Mandla Mdludlu	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Bluris, LLB, Sertifikaat in Arbeidsreg	Die regte en eiendomsreg	Ouditkomitee (Overstrand Munisipaliteit); Weskus TBOO; NHBRC; RGBSA	Appèlle (plaasver-vangende lid)	4
Corlie Smart	Lid	17 November 2022	N.v.t.	BProc; LLM	Erfenisreg en beleidsformulering	Belvidex (Edms) Bpk	APPÈLLE	13
Heidi Boise	Lid	17 November 2022	N.v.t.	BTech in Argitektoniese, Tegnologiese en Beplannings-geomatika: MPhil Bewaringsbou-omgewing	Erfenisbestuur en beleidsaan-geleenthede	Patrimoint Concept	KBOL	14
Siphiwo Mavumeng-wana	Lid	17 November 2022	N.v.t.	Nasionale Diploma: Bemarkingsbestuur	Kulturele landskappe; Dorp en Beplanning	Wes-Kaapse Drankowerheid Conbin South Africa	KBOL	10

Naam	Posbenaming (volgens die openbare entiteit se Raad-struktuur)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raadsdirekteur-skappe (lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne (bv. ouditkomitee / ministeriële taakspan	Getal verga-derings by-gewoon
Dennis Belter	Lid	17 November 2022	N.v.t.	MCom PM -Nagraadse Diploma	Strukturele Ingenieur	Gadomski Consulting Engineers	KBOL	16
Gregory Ontong	Lid	17 November 2022	N.v.t.	PTD, BTeologie, MCRP (Meester van Stads- en Streekbeplanning), MPhil (Bewaring van die Beboude Omgewing)	Ontasbare erfenis wat verband hou met die beboude omgewing, en die identifisering, beskerming en bewaring daarvan	Ditsong Nasionale Museums van Suid-Afrika, Pretoria en komiteelid by ECPHRA	APPÈLLE	15

Lys van komiteelede 2023 - 2025

Komitee	Getal vergaderings gehou	Getal lede	Naam van lede
KBOL	13	7	Dennis Belter (voorsitter) Graham Jacobs Shawn Johnston Helene van der Merwe Siphiwo Mavumengwana Heidi Boise Athi Njoba (bedank op 8 Desember 2023)
Appèlle	11	5	Gregory Ontong (voorsitter) Nicholas Baumann Andrew van Graan Stuart Hermansen Corlie Smart Mandla Mdludlu (Alternatiewe lid)
KVGI	7	9	Ron Martin (voorsitter) Wandile Kasibe (bedank op 6 Desember 2023) Glynn Alard (bedank op 29 Februarie 2024) Jenna Lavin Laura Malandri Jacob Cloete (aangestel op 22 Februarie 2024) Emmylou Bailey (aangestel op 22 Februarie 2024) Lynn Michelle Abrahams (aangestel op 22 Februarie 2024) Robyn Humphreys (aangestel op 22 Februarie 2024)
KIB	13	8	David Gibbs (voorsitter) Dave Saunders Sarah Winter Chefferino Fortuin Katy Smuts Samantha Lee John Wilson-Harris (aangestel op 21 Junie 2023) Antonia Malan (aangestel op 22 Februarie 2024)

Vergoeding van raad en komiteelede

Die diensvoordelepakkette vir ampsdraers van sekere statutêre en ander instansies word deur die Minister van Finansies bepaal en in 'n omsendbrief van die Provinsiale Tesourie uiteengesit. Die Raadsvoorsitter se tarief is R556,00 per uur, die komiteevoorsitter se tarief is R486,00 per uur en die tarief vir lede is R337,00 per uur.

Van	Voorletter	Vergoeding R`000	Ander toelae R`000*	Totaal** R`000
Baumann	N	17	1	18
Belter	D	55	12	67
Boise	H	39	7	46
Fortuin	C	30	2	32
Gani	R	17	4	21
Gibbs	D	36	7	43

Van	Voorletter	Vergoeding R`000	Ander toelae R`000*	Totaal** R`000
Hermansen	S	11	4	15
Jacobs	G	36	11	47
Johnston	S	32	12	44
Lavin	J	14	1	15
Malan	A	11	2	13
Martin	R	36	5	41
Mavumengwana	S	24	2	26
Mdludlu	M	7	1	8
Milandri	L	19	2	21
Ontong	T	32	2	34
Saunders	D	30	7	37
Smart	C	20	6	26
Smuts	K	35	19	54
Van Der Merwe	H	54	10	64
Van Graan	A	19	1	20
Winter	S	30	7	37
Wilson-Harris	J	20	2	22
Total		**624**	**127**	**751**

**Ander toelae sluit vervoer-, akkommodasie- en data-eise in, waar toepaslik.*

***Die totale vergoeding wissel as gevolg van sommige lede wat op meer as een komitee dien en sommige lede wat terreinbesoeke aflê.*

5. RISIKOBESTUUR

Erfenis Wes-Kaap neem deel aan die Ondernemingsrisikobestuurenetiekkomitee (ORBEKOM) van die Departement van Kultuursake en Sport om die Rekenpligtige Gesag in die uitvoering van sy verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur by te staan.

Beleid en strategie oor Ondernemingsrisikobestuur

Die Departement het op 12 April 2021 'n Beleid oor Ondernemingsrisikobestuur vir die boekjare 2021/22 – 2024/25 aanvaar. Hierdie beleid gee uiting aan die risikobestuursfilosofie en bepaal op 'n hoë vlak die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers. Dit bied die grondslag vir die risikobestuursproses wat met die fyner besonderhede in die strategie aangevul word.

Die strategie en implementeringsplan oor Ondernemingsrisikobestuur (ORB) gee 'n uiteensetting van hoe die openbare entiteit die ORB-beleid wat deur die Rekenpligtige Gesag (RG) aanvaar is, sal implementeer. Hierdie ORB-strategie word ingelig deur die Provinsiale Beleid en Strategie oor Ondernemingsrisikobestuur (PBSORB), veral wat die aptytvlakke aanbetref, asook sy eie ORB-beleid en risikoprofiel.

Verantwoordelikheid van ORBEKOM

Die ORBEKOM rapporteer dat daar voldoen is aan sy verantwoordelikhede wat voortspruit uit artikel 51(1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en die Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die ORBEKOM rapporteer verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk (op 24 Mei

2022 deur die ORBEKOM-voorsitter goedgekeur) aanvaar is en dat sy werksaamhede ter voldoening aan hierdie verwysings-raamwerk gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede wat daarin vervat is, nagekom is.

Lede van ORBEKOM

Die ORBEKOM bestaan uit die RB en gekose lede van die Departement van Kultuursake en Sport se bestuurspan, met voorsitterskap deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement van Kultuursake en Sport. Die Hoof-Uitvoerende Beampte van Erfenis Wes-Kaap verteenwoordig die entiteit op die ORBEKOM van die Departement. Die ORBEKOM het ingevolge sy verwysingsraamwerk vier keer gedurende die oorsigjaar vergader (kwartaallikse toesig en verslagdoening). Die meeste van die vergaderings is deur alle lede of hul verteenwoordiger bygewoon.

Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor ORBEKOM-lede:

Lid	Posisie	Bygewoon
G Redman	Rekenpligtige Beampte (voorsitter)	3
B Rutgers	Direkteur: Finansiële Bestuur (HFB)	4
C van Wyk	Hoofdirekteur: Kultuursake	4
C Sani	Direkteur: Biblioteekdiens	4
D Esau	Adjunkdirekteur: Interne Kontrole (risikokampioen)	3
D Flandorp	Adjunkdirekteur: Korporatiewe Betrekkinge-eenheid (Etiekbeampte)	3
M Janse van Rensburg	Hoof Jeug- en Naskoolprogram	3
L Bouah	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Naamdienste	4
N Dingayo	Hoofdirekteur: Sport en Ontspanning	4
S Julie	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	4
T Tutu	Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuurondersteuning	3
D Manuel	Direkteur: Sportbevordering	3
T Mchunu	Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste	1

**Daar was altyd verteenwoordiging van die eenheid as lede nie die vergadering kon bywoon nie.*

Die volgende is 'n aanduiding van ander amptenare wat die ORBEKOM-vergaderings gedurende die oorsigjaar bygewoon het:

Naam	Posisie	Bygewoon
L Africa	ORBEKOM-sekretariaat	4
J Boulle	Direkteur: Sportontwikkeling	4
N Payne	Direkteur: Ondernemingsinhoudbestuur	1
G Abdullatief	Waarnemende direkteur: Kuns, Taal en Kultuurdienste	2
C Scheermeyer	Waarnemende direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Naamdienste	1
N Pietersen	Waarnemende direkteur: Sportbevordering	1
A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur, DvdP	4
C Cochrane	Hoofrisiko-adviseur, DvdP	4
K Abelse	Ondernemingsrisikobestuur, DvdP	4
V Simpson-Murray	Direkteur: Interne Oudit, DvdP	3
P De Villiers	Adjunkdirekteur: Interne Oudit, DvdP	4
M Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	4
A Snyder	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste, DvdP	3

ORBEKOM-sleutelaktiwiteite

Die RB van die Departement is die voorsitter van die ORBEKOM en die Adjunkdirekteur: Interne Kontrole is die risikokampioen van die Departement. Die ORBEKOM het gedurende die jaar die volgende sleutelaktiwiteite ter uitvoering van sy funksie onderneem:

- Die ORB-strategie en -implementeringsplan is voor aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die RB en RG hersien;
- Risiko's in vasgestelde, gegroepeerde kategorieë van aptytreekse is gemonitor en hersien, en toepaslike risiko-aptyt en -toleransies volgens die PBSORB wat deur provinsiale topbestuur aanvaar is, is hersien en toegepas;
- Enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel is aan die RB gerapporteer;
- Die burgersentriese risiko's is bevestig. Dit illustreer die pogings om aandag te skenk aan die bydraende faktore en impakte wat direk met die burger verband hou;
- Risiko-intelligensie en tendensverslae is ontvang en oorweeg;
- Opkomende risiko's is geïdentifiseer;
- Risiko's wat buite die toleransievlakke vir verdere optrede/aandag val, is hersien;
- Die toepassing van die Implementeringsplan vir die Voorkoming van Bedrog en Korrupsie is gemonitor;
- Die implementering van die ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan is gemonitor;
- Die doeltreffendheid en versagtende strategieë om die wesenlike, etiese en ekonomiese misdaadrisiko's te behandel, is geëvalueer;
- Toesig is oor etiekbestuur in die Departement gehou.

Sleutelrisiko's wat gedurende die jaar oorweeg en behandel is

Die volgende sleutel- strategiese risiko's vir die entiteit is gedurende die jaar oorweeg en behandel:

Die risiko van **Verlies van erfenishulpbronne deur ongemagtigde wysiging/vernietiging of vandalisme** behels die vernietiging van onvervangbare erfenishulpbronne en die ontplooiing van onvoldoende kapasiteit om die wet af te dwing wanneer erfenis-hulpbronne deur ongeoorloofde ontwikkeling bedreig word. Om hierdie rede is generiese riglyne ontwikkel en word EWK-beamptes, insluitend wetstoepassingbeamptes, voortdurend opgelei. Gefasiliteerde werkswinkels oor erfenisbewusmaking word met sleutelbelanghebbendes soos gasheergemeenskappe, bewarings-liggame en munisipaliteite gehou.

Kwartaallikse interaksie met die Stad Kaapstad om die bestuur van Graad 3-erfenis-hulpbronne oor te neem, het gedurende die boekjaar begin om proaktiewe bewarings-ingrypings van munisipaliteite en die publiek te behandel.

Raad/komitees neem besluite wat ultra vires kan wees as gevolg van komitee se onkunde oor toepaslike wetgewing. Die regsadviesspan woon dus alle komiteevergaderings by om besluitneming binne wetlike parameters te rig. Alle notules van komiteevergaderings word deur die regsadviesspan en senior DKES-bestuur nagegaan om wetlike akkuraatheid te verseker. Die getal komiteevergaderings is ook verhoog, wat beteken dat agendas korter is en die komitee meer in staat stel om in een sitting die aangeleenthede behoorlik te hanteer. 'n Aansoekproses vir kleiner werke is geïmplementeer om aansoeke te bespoedig, waar van toepassing.

Die impakgradering van die risiko is gedurende die boekjaar aansienlik verlaag as gevolg van 'n toename in die ervaring van Raads- en komiteelede oor die afgelope 20 jaar.

Bestuur van risiko's

Risikobepalings word uitgevoer om die doeltreffendheid van die Departement se risiko-bestuurstrategie te bepaal en om nuwe en opkomende risiko's te identifiseer op grond van veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing. Elke risiko is gedurende die jaar beraadslaag en gedebatteer en op die kwartaallikse ORBEKOM-vergaderings voorgelê. Daar is van senior bestuurders verwag om terugvoer te gee oor vordering met die implementering van

aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's sal voorkom en/of die impak daarvan indien dit sou voorkom, te verlaag. ORBEKOM het ook risiko's wat meer omvattend ontleed moet word, terug na die entiteit verwys en het bykomende versagtings of aksies aanbeveel om risiko's te bestuur. Bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels risiko-aangeleenthede op verskeie platforms as deel van sy kultuur in 'n poging om risiko's op 'n samewerkende en innoverende wyse te beperk. Die ORB-beleid en -strategie word jaarliks aan alle amptenare gestuur sodat alle vlakke van personeel op hoogte kan bly van verbeterings wat aangebring is en as 'n manier om risikobestuur te veranker. Doelgemaakte en generiese bewusmakingsessies oor risiko is ook gehou om elemente van normering te deel om met die rypheidsvlak van risikobestuur te help. Aktiwiteite wat in die implementeringsplan uiteengesit word, word deurlopend gemonitor en periodiek verslag oor gelewer, op dieselfde manier waarop JPP- lewerbare uitsette gemonitor word, om moontlike risiko's en afwykings van aanwysers en die bereiking van uitkomste en nie-voldoening aan wetgewende en beleidsmandate na te spoor.

Die Ouditkomitee: Maatskaplike Kluster het onafhanklike toesig oor die stelsel van risikobestuur gehou. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoregisters ten einde hul onafhanklike toesighoudende rol te vervul.

Belangrikste opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Die entiteit is terdeë bewus van die ekonomiese werklikhede en krimpende begrotings-koevert teenoor maatskaplike behoeftes. Hierdie potensiële risiko's word deurlopend gemonitor, bespreek en bestuur.

Slotsom

Daar was aansienlike vordering met die bestuur van risiko's gedurende die 2023/24-boekjaar. Goeie vordering is gemaak met die inbedding van risikobestuur en die verhoging van die risikovolwassenheidsvlak binne die openbare entiteit wat tot die gunstige prestasie van die openbare entiteit bygedra het. Die verbetering kan toegeskryf word aan risikobewustheid en opleidingsprogramme wat aan amptenare in die openbare entiteit verskaf word via die MS Teams-medium/-sagtewareplatform vir videokonferensies. Die openbare entiteit het daarin geslaag om konsekwentheid te handhaaf ten opsigte van die toepassing van risikobestuursprosesse.

Die verhoogde risikovolwassenheid binne die openbare entiteit het gelei tot verbeterde risikoreaksiestrategieë vir risiko's wat geïdentifiseer is..

6. INTERNE KONTROLE-EENHEID

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag om interne kontrolemaatreëls deurlopend te assesseer en te evalueer om te verseker dat ingestelde kontrole-aktiwiteite doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en verbeter word, wanneer nodig. Om dit te bereik, word kwartaallikse finansiële bestuursvergaderings oor die verbeteringsplan en belangrike kontroles met die Ouditeur-generaal, programbestuurders van die departement, HUB van EWK en die Minister gehou. Dit is 'n deurlopende proses om te verseker dat EWK sy skoon oudituitkomste handhaaf.

Die Departement (insluitend EWK) het 'n strategie en plan vir Interne Kontrole saamgestel wat 'n hoëvlakplan vir die implementering van interne kontrole in sy kernfunksies uiteensit.

7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe sekerheids- en raadgewende dienste wat bedoel is om waarde toe te voeg en om die bedrywighede van die entiteit voortdurend te verbeter. Dit behoort die entiteit by te staan met die bereiking van sy doelwitte deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te volg om die doeltreffendheid van bestuurs-, risikobestuurs- en kontroleprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Evalueer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die bestuursprosesse ter bereiking van die Departement se doelwitte;
- Evalueer die geskiktheid en doeltreffendheid van en dra by tot die verbetering van die risikobestuursproses;

- Lewer bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe kontroles deur daardie kontroles te evalueer om die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan te bepaal, en deur aanbevelings vir verbetering of versterking te bemaak.

Aktiwiteite van Interne Oudit wat gedurende die oorsigjaar vir die Departement en entiteit afgehandel is, het vier interaksies oor sekerheid, een transversale interaksie en ses opvolg-oudits ingesluit. Besonderhede van hierdie interaksies word by die verslag van die Ouditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam ingestel en voorsien onafhanklike toesig oor die regeringsbestuur-, risikobestuur- en kontroleprosesse in die Departement en entiteit, en dit sluit toesig oor en hersiening van die volgende in:

- Interne Oudit-funksie;
- Eksterne Oudit-funksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika - OGSA);
- Entiteit se rekeningkunde en verslagdoening;
- Entiteit se rekeningkundige beleide;
- OGSA bestuur- en ouditverslag;
- Entiteit se in-jaar-monitering;
- Entiteit se risikobestuur;
- Interne kontrole;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek, bedrog en korrupsie

Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor lede van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal verga-derings bygewoon
Mr Pieter Strauss (Voorsitter)	BCom Rekeningkunde; BCompt Honneurs; GR (SA)	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (2de termyn)	N.v.t.	7
Mr Ebrahim Abrahams	BCom Rekeningkunde Honneurs	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (2de termyn)	N.v.t.	7
Ms Annelise Cilliers	BCompt Honneurs; GR (SA)	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (2de termyn)	N.v.t.	7
Ms Fayruz Mohamed	BCompt Honneurs; GR (SA)	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (1ste termyn)	N.v.t.	7

Die Kabinet het op 1 November 2023 die herstrukturering van die Wes-Kaapse Regering se ouditkomitees goedgekeur om met die WKR se prioriteite ooreen te stem. Dit het die getal ouditkomitees van 6 na 3 verminder en het daartoe gelei dat die Welstandkluster-Ouditkomitee vanaf 1 April 2024 oor die Departement toesig hou.

8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES

Stelsels, beleide en prosesse is in plek om te verseker dat wetgewing en regulasies nagekom word.

9. BEDROG EN KORRUPSIE

Bedrog en korrupsie hou beduidende potensiële risiko vir die entiteit se bates in en kan 'n negatiewe uitwerking op die doeltreffendheid van dienslewering en die entiteit se reputasie hê.

Die WKR het 'n Anti-bedrog-en-korrupsiestrategie aanvaar wat die Provinsie se standpunt van zero-toleransie teenoor bedrog, diefstal en korrupsie bekragtig. Die entiteit is in ooreenstemming met hierdie strategie verbind tot zero-toleransie ten opsigte van korrupte, bedrieglike of ander misdaadaktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg met mening en deur middel van alle beskikbare geregtelike stappe enige partye wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen.

Die entiteit het 'n goedgekeurde Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n samelopende Implementeringsplan wat uitvoering aan die voorkomingsplan gee.

Verskeie kanale bestaan vir die aanmelding van bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie en dit word breedvoerig in die provinsiale Anti-bedrog-en-korrupsiestrategie en die departementele Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan uiteengesit. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-eenheid (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel opgeteken en dit word gebruik as 'n bestuursinstrument om verslag te lewer oor vordering wat gemaak is met gevalle wat op die Departement en entiteit betrekking het en om statistiek aan die WKR en die Departement te voorsien.

Personeel en werkers wat die fluitjie oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal blaas, word beskerm as die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmaking, Wet 26 van 2000, bv. as die bekendmaking ter goeder trou gedoen is). Die WKR se Fluitjieblaasbeleid verskaf riglyne aan personeel en werkers oor hoe om besorgdhede by die betrokke lynbestuur, bepaalde aangewese persone in die WKR of eksterne instansies aan te meld, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of ongerymdhede in die WKR gepleeg is of gepleeg word. Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Indien 'n ondersoek bevestig dat bedrog, diefstal of korrupsie plaasgevind het, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het, aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. Daar word van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-bewys van misdaadgedrag bespeur word, word 'n strafregtelike saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens gerapporteer.

10. MINIMERING VAN BELANGEBOTSING

EWK verseker dat daar geen belangebotsing is nie deur toe te sien dat 'n Verklaring van Belange (WCBD4-vorm) ingedien word deur elke verskaffer wat nie op die Wes-Kaapse Verskafferdatabasis/Sentrale Verskafferdatabasis geregistreer is nie.

Provinsiale Tesourie verleen hulp aan departemente en openbare entiteite om die risiko van belangebotsing te verminder in gevalle waar eienaars of direkteure van maatskappye ook staatsamptenare in die Wes-Kaap is. Dit word gedoen deur inligting vanaf PERSAL (die personeelsalarisstelsel) te verskaf oor staatsamptenare wat as eienaars of direkteure van maatskappye geregistreer is. EWK verseker dat hierdie persone in besit is van 'n skrywe van goedkeuring oor werk teen vergoeding buite die staatsdiens (WVBS) voordat sake met hulle gedoen word.
EWK het nie enige belangebotsing in enige sake wat met verskaffers gedoen is, aangetref nie. Indien 'n konflik van hierdie aard ontdek sou word, sal die aangeleentheid as 'n bedrieglike voorsieningskettingbestuursaktiwiteit hanteer word en, nadat 'n omsigtigheidsondersoek afgehandel is, sal die verskaffer as 'n "nievoorkeur"-diensverskaffer geïdentifiseer word.

Wat betref die prosesse wat ingevolge die WNEH deur EWK onderneem is, is registrasie van 'n belangebotsing 'n permanente item op die agendas van die Raad en sy komitees. Kwessies wat deur lede geregistreer word, word kragtens die betrokke bepalings van die organisasie se 'Ordereëls en Gedrag tydens Vergaderings van die Raad van Erfenis Wes-Kaap en sy Komitees' hanteer, en enige belangebotsing en die stappe wat in dié verband gedoen is, word onder die betrokke punt op die agenda genotuleer.

11. GEDRAGSKODE

Die beleid wat deur DKES geïmplementeer is, sluit EWK in. Die Gedragskode word jaarliks aan alle personeel gestuur. Daarbenewens is die Staatsdienskommissie se verklarende handleiding oor die praktiese implementering van die Gedragskode aan personeel gestuur. Alle nuut aangestelde PAY-interns ontvang die Gedragskode as deel van hul induksiepakket wanneer hulle diens aanvaar, en die inhoud word ook tydens die departementele induksieproses bespreek.

Werknemers word tydens die verskillende interaksies tussen senior bestuur en werknemers herinner aan die departementele beleid oor seksuele teistering en die proses om te volg wanneer sulke gedrag aangemeld word.

Voorts word die Raadslede van Erfenis Wes-Kaap verplig om 'n gedragskode wat met hulle gebied van verantwoordelikheid verband hou, te onderteken en daaraan te voldoen..

12. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die DKES verskaf aan Erfenis Wes-Kaap kantoorruimte en die beleid wat deur die DKES geïmplementeer word, is dus op EWK van toepassing.

13. MAATSKAPPY-/RAADSEKRETARIS

Nie van toepassing nie.

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Nie van toepassing nie.

15. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Dit is vir ons 'n plesier om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2024 aan te bied.

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk as die Handves van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter voldoening aan hierdie handves gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

Die doeltreffendheid van interne kontrole

Daar word van die entiteit verwag om stelsels van interne kontrole te ontwikkel en te handhaaf wat die waarskynlikheid om sy doelwitte te bereik, sal verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit werksaam is en om die doeltreffendheid en doelmatigheid van bedrywighede te bevorder, ondersteun deur betroubare verslag-doening en die voldoening aan wetgewing en regulasies. Die WKR het 'n Gekombineerde Sekerheidsraamwerk aanvaar wat sekerheidsverskaffers identifiseer en integreer. Die eerste vlak van sekerheid is bestuursversekering; dit vereis van lynbestuur om doeltreffende interne kontroles te handhaaf en dié prosedures op 'n daaglikse basis uit te voer deur toesighoudende kontroles toe te pas en regstellende stappe te doen, waar nodig. Die tweede vlak van sekerheid is interne sekerheid wat verskaf word deur funksies wat afsonderlik van direkte lynbestuur is en die voldoening aan beleide, prosedures, norme, standaarde en raamwerke moet assesseer. Die derde vlak van sekerheid is onafhanklike sekerheidsverskaffers wat gelei word deur professionele standaarde wat die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

'n Risikogebaseerde Gekombineerde Sekerheidsplan is vir die entiteit ontwikkel en word deur Interne Oudit wat ook 'n onafhanklike sekerheidsverskaffer is, gefasiliteer. Interne Oudit verskaf aan die Ouditkomitee en bestuur

redelike sekerheid dat die interne kontroles voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde, risikogebaseerde interne ouditplan, Interne Oudit wat evalueer of kontroles wat die risiko's mitigeer, geskik is en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende stappe monitor.

Die volgende interne ouditaktiwiteite is gedurende die oorsigjaar deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur Interne Oudit voltooi:

- Bestuur van openbare entiteite
- Massadeelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling- en groeiprogram (MGO-program)
- Biblioteekdienste
- Oordragbetalings – kultuurorganisasies
- Departementele monitering van IT-prestasie (transversale oudit)

Die areas vir verbetering, soos deur Interne Oudit uitgewys gedurende hul werkverrigting, is deur bestuur aanvaar. Die Ouditkomitee monitor die implementering van ooreengekome handelinge op 'n deurlopende grondslag.

In-jaar-bestuurs- en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse in-jaar-bestuurs- en prestasieverslag wat gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die entiteit ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste uitgereik is.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- Die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moet word, hersien en bespreek;
- Die OGSA se Bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- Veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien, soos in die finansiële jaarstate aangeteken;
- Wesenlike wysigings voortspruitend uit die oudit van die entiteit hersien.

Voldoening

Die Ouditkomitee het die entiteit se prosesse vir voldoening aan wetgewende en regulatoriese bepalings hersien.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag aangeteken, hersien.

Ouditeur-generaal se verslag

Die Ouditkomitee het die entiteit se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, op 'n kwartaallikse basis hersien. Ons het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese verslag voortspruit nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die OGSA se mening oor die finansiële jaarstate en doen aan die hand dat hierdie geouditeerde state aanvaar word en met hulle verslag saamgelees word.

Mnr. Pieter Strauss
Voorsitter van die Welstandkluster Ouditkomitee
Datum: 8 Augustus 2024

16. PRESTASIE-INLIGTING OOR BBSEB-VOLDOENING

Die volgende tabel is saamgestel in ooreenstemming met die voldoening aan die BBSEB-vereistes kragtens die BBSEB-wet van 2013 en soos bepaal deur die Departement van Handel en Nywerheid.

die Departement/openbare entiteit enige toepaslike kode van goeie praktyk (BBSEB-sertifkaatvlak 1-8) ten opsigte van die volgende toegepas:		
Kriteria	**Antwoord Ja/ Nee**	**Bespreking (sluit 'n bespreking van u antwoord in en dui aan watter maatreëls ingestel is om voldoening te verseker)**
Word kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet bepaal?	Nee	Die entiteit reik nie lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet nie.
Is 'n voorkeurverkrygingsbeleid ontwikkel en geïmplementeer?	Ja	Die VKB-beleid van die entiteit maak voorsiening vir die implementering van voorkeurverkryging.
Is kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit vasgestel?	Nee	Die entiteit is nie betrokke by die verkoop van ondernemings in staatsbesit nie.
Is kriteria vir die aangaan van vennootskappe met die privaat sektor ontwikkel?	Nee	Die entiteit neem nie deel aan vennootskappe met die privaat sektor nie.
Is kriteria vir die toekenning van aansporings, toewysings en beleggingskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging vasgestel?	Nee	Die entiteit is nie betrokke by die toekenning van aansporings, toewysings en beleggingskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging nie.

EWK-SPAN BY LEAN BESTUURSOPLEIDING

DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR

1. INLEIDING

Personeel word deur die Departement van Kultuursake en Sport in diens geneem, en die tersaaklike inligting verskyn in die DKES se jaarverslag.

2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONSTATISTIEK

Hierdie statistiek word in die jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport gerapporteer.

EWK-SPAN BY LEAN
BESTUURSOPLEIDING –
PDCA SIKLUS OEFENING

DEEL E: VERSLAG OOR WOFB-VOLDOENING

1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE

1.1. Onreëlmatige uitgawes

a) Rekonsiliasie van onreëlmatige uitgawes

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Beginsaldo	-	-
Wysiging aan beginsaldo		
Beginsaldo soos heraangegee		
Plus: Onreëlmatige uitgawes bevestig	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes gekondoneer	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes nie gekondoneer nie en verwyder	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes verhaalbaar	-	-
Minus: Onreëlmatige uitgawes nie verhaalbaar nie en afgeskryf	-	-
Eindsaldo	**0**	**0**

Rekonsiliërende aantekeninge

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes wat geassesseer is	-	-
Onreëlmatige uitgawes wat met die vorige jaar verband hou en in die lopende jaar geïdentifiseer is	-	-
Onreëlmatige uitgawes vir die lopende jaar	-	-
Totaal	**0**	**0**

b) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes (word geassesseer, bepaal en ondersoek)

Beskrywing[1]	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes wat geassesseer word	-	-
Onreëlmatige uitgawes wat bepaal word	-	-
Onreëlmatige uitgawes wat ondersoek word	-	-
Totaal	**0**	**0**

1. *Groepeer soortgelyke items*

c) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes gekondoneer

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes gekondoneer	-	-
Totaal	**0**	**0**

d) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes verwyder (nie gekondoneer nie)

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes NIE gekondoneer nie en verwyder	-	-
Totaal	**0**	**0**

e) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes verhaalbaar

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes verhaalbaar	-	-
Totaal	**0**	**0**

f) Besonderhede oor onreëlmatige uitgawes afgeskryf (onverhaalbaar)

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Onreëlmatige uitgawes afgeskryf	-	-
Totaal	**0**	**0**

Bykomende bekendmaking in verband met interinstitusionele reëlings

g) Besonderhede van gevalle van nie-voldoening waar 'n instansie by 'n interinstitusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie nie vir die nie-voldoening verantwoordelik is nie)

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Totaal		

h) Besonderhede van onreëlmatige uitgawes waar 'n instansie by 'n interinstitusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie nie vir die nie-voldoening verantwoordelik is nie)

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Totaal		

i) Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van onreëlmatige uitgawes gedoen is

Dissiplinêre stappe ingestel

1.2. Vrugtelose en verkwistende uitgawes

a) Rekonsiliasie van vrugtelose en verkwistende uitgawes

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Beginsaldo	-	-
Wysiging aan beginsaldo		
Beginsaldo soos heraangegee		
Plus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes bevestig	-	-
Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar	-	-
Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes nie verhaalbaar nie en afgeskryf	-	-
Eindsaldo	**0**	**0**

Rekonsiliërende aantekeninge

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geassesseer is	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat met die vorige jaar verband hou en in die lopende jaar geïdentifiseer is	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes vir die lopende jaar	-	-
Totaal	**0**	**0**

b) Besonderhede van vrugtelose en verkwistende uitgawes (word geassesseer, bepaal en ondersoek)

Beskrywing[2]	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geassesseer word	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat bepaal word	-	-
Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat ondersoek word	-	-
Totaal[3]	**0**	**0**

c) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar

Beskrywing[3]	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar	-	-
Totaal	**0**	**0**

2. Groepeer soortgelyke items
3 Totale onbevestigde vrugtelose en verkwistende uitgawes (assessering), verliese (bepaling) en misdaadgedrag (ondersoek)

d) Besonderhede oor vrugtelose en verkwistende uitgawes nie verhaalbaar nie en afgeskryf

Beskrywing	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Vrugtelose en verkwistende uitgawes afgeskryf	-	-
Totaal	**0**	**0**

e) Besonderhede van dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van vrugtelose en verkwistende uitgawes gedoen is

Dissiplinêre stappe ingestel

1.3. Bykomende bekendmaking ten opsigte van wesenlike verliese kragtens artikel 55(2)(b)(i) en (iii) van die WOFB

a) Besonderhede oor wesenlike verliese weens misdaadgedrag

Wesenlike verliese weens misdaadgedrag	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
Diefstal	-	-
Ander wesenlike verliese	-	-
Minus: Verhaalbaar	-	-
Minus: Nie verhaalbaar nie en afgeskryf	-	-
Totaal	**0**	**0**

b) Besonderhede van ander wesenlike verliese

Aard van ander wesenlike verliese	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
	-	-
Totaal	**0**	**0**

c) Ander wesenlike verliese verhaalbaar

Aard van verliese	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
	-	-
Totaal	**0**	**0**

d) Ander wesenlike verliese nie verhaalbaar nie en afgeskryf

Aard van verliese	2023/24	2022/23
	R'000	R'000
	-	-
Totaal	**0**	**0**

2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS

Beskrywing	Getal fakture	Gekonsoli-deerde waarde
		R'000
Geldige fakture ontvang	44	1,946
Fakture **binne** 30 dae of ooreengekome tydperk betaal	43	1,945
Fakture **na** 30 dae of ooreengekome tydperk betaal	1	1
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (onbetaal en sonder dispuut)	N.v.t.	-
Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (onbetaal en in dispuut)	N.v.t.	-

Die betaling is weens 'n administratiewe vergissing vertraag. Die kontroles sal versterk word om 'n herhaling te vermy.

3. VOORSIENINGSKETTINGBESTUUR

3.1. Verkryging op ander wyses

Beskrywing van projek	Naam van verskaffer	Tipe verkryging op ander wyses	Kontrak-nommer:	Waarde van kontrak R'000
Argeologiese bewaring by Diepkloof	Prof John Parkington*	Beperkte bod	POA44554	R262
Hernuwing van Pastel-lisensie	Sage South Africa**	Beperkte bod	POA44869	R18
Hernuwing van Caseware-lisensie	Adapt IT***	Beperkte bod	POA44912	R28
Totale waarde van kontrakte				**R308**

** Geen reaksie is via die elektroniese verkrygingstelsel ontvang toe die mark getoets is nie. Die verskaffer is vervolgens via 'n beperkte bodproses aangestel.*

*** Die verskaffer is die alleenverskaffer van die Pastel-rekeningkundesagteware wat as die primêre finansiële bestuurstelsel vir die entiteit gebruik word.*

****Die verskaffer is die alleenverskaffer van die Caseware-sagteware wat vir die samestelling van die finansiële jaarstate gebruik word.*

3.2 Kontrakafwykings en -verlengings

Beskrywing van projek	Naam van verskaffer	Tipe kontrak-wysiging (verlenging of afwyking)	Kontrak-nommer	Oorspronklike kontrak-waarde R'000	Waarde van vorige kontrak-verlenging(s) of afwyking(s	Waarde van huidige kontrak-verlenging of afwyking (R'000
N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.

EWK-SPAN BY LEAN BESTUUR OPLEIDING – PDCA SIKLUS DOMINO OEFENING

DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING

Verslag van die eksterne ouditeur

Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor Erfenis Wes-Kaap

Verslag oor die finansiële state

1. Ek het die finansiële state van Erfenis Wes-Kaap hersien, soos 59 to 81 uiteengesit, bestaande uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2024, staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge in netto bates, die kontantvloeistaat en staat van vergelyking van begroting met werklike bedrae vir die jaar toe geëindig, asook aantekeninge by die finansiële state, insluitend 'n opsomming van wesenlike rekeningkundige beleide.

Gevolgtrekking

2. Gegrond op my hersiening is niks onder my aandag gebring wat daartoe lei dat ek glo dat die finansiële state nie in alle wesenlike opsigte 'n billike voorstelling is van die finansiële posisie van Erfenis Wes-Kaap soos op 31 Maart 2024 en van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig nie, in ooreenstemming met die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB).

Rekenpligtige gesag se verantwoordelikheid vir die finansiële state

3. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state ooreenkomstig die AERP en die WOFB, en vir sodanige interne kontrole wat deur die rekenpligtige gesag nodig geag word vir die opstel van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of fout.

4. Tydens die opstel van die finansiële state is die rekenpligtige gesag verantwoordelik om te assesseer of die entiteit die vermoë het om as 'n lopende saak voort te gaan; om, waar van toepassing, aangeleenthede met betrekking tot 'n lopende saak openbaar te maak; en om die lopendesaakgrondslag van rekeningkunde toe te pas, tensy die betrokke regeringsbestuur-struktuur uur óf beoog om die entiteit te likwideer óf om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het anders as om dit te doen nie.

Ouditeur-generaal se verantwoordelikhede vir die hersiening van die finansiële state

5. My verantwoordelikheid is om 'n beslissing oor die meegaande finansiële state te maak. Ek het my hersiening uitgevoer in ooreenstemming met die International Standard on Review Engagements (ISRE) 2400 (hersien), Engagements to review historical financial statements. Die standaard vereis dat ek beslis of enigiets onder my aandag gebring is wat daartoe lei dat ek glo dat die finansiële state, as 'n geheel, nie in alle wesenlike opsigte volgens die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk opgestel is nie. Hierdie standaard vereis ook dat ek toepaslike etiese vereistes moet nakom.

6. 'n Hersiening van finansiële state ingevolge die ISRE 2400 (hersien) is 'n beperkte sekerheidstudie. Daar word van my verwag om prosedures uit te voer wat hoofsaaklik bestaan uit navrae aan bestuur en ander binne die geouditeerde, soos van toepassing, en om analitiese prosedures toe te pas en die bewyse wat verkry word, te evalueer.

7. Die prosedures wat tydens 'n hersieningstudie uitgevoer word, is aansienlik minder as dié wat uitgevoer word in 'n oudit ingevolge die internasionale standaarde vir ouditering. Gevolglik spreek ek nie 'n ouditmening oor hierdie finansiële state uit nie.

Verslag van die eksterne ouditeur

Verslag oor die jaarlikse prestasieverslag

8. Ingevolge die Wet op Openbare Oudit, Wet 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die nuttigheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, oudit en daaroor verslag doen. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse prestasieverslag.

9. Ek het die volgende wesenlike prestasie-aanwysers ten opsigte van die program: erfenishulpbronbestuursdienste gekies wat in die jaarlikse prestasieverslag vir die jaar geëindig 31 Maart 2024 aangebied is. Ek het die aanwysers gekies wat die entiteit se prestasie in sy primêre, gemandateerde funksies meet en wat van wesenlike nasionale, gemeenskaps- of openbare belang is.
    - Getal terreininspeksies wat by provinsiale erfenisterreine uitgevoer is
    - Getal provinsiale erfenisterrein-geleenthede vir die bevordering van erfenishulpbronne.
    - Getal programme wat aangebied is om erfenishulpbronbestuur te bevorder

10. Ek het die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose wesenlike prestasie-aanwysers geëvalueer teen die kriteria wat uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is, soos omskryf in die algemene kennisgewing. Wanneer 'n jaarlikse prestasieverslag met hierdie kriteria opgestel word, verskaf dit aan gebruikers nuttige en betroubare inligting en insigte oor die entiteit se beplanning en lewering van sy mandaat en doelwitte.

11. Ek het prosedures uitgevoer om te toets of:
    - die aanwysers wat vir beplanning en verslagdoening oor prestasie gebruik word, direk aan die entiteit se mandaat en die bereiking van sy beplande doelwitte gekoppel kan word
    - die aanwysers goed gedefinieer en verifieerbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan en konsekwent toe te pas, en dat ek die metodes en prosesse wat gebruik moet word vir die meting van prestasies kan bevestig
    - die teikens direk aan die bereiking van die aanwysers gekoppel kan word en spesifiek, tydgebonde en meetbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan wat gelewer moet word en teen wanneer, die vereiste vlak van prestasie asook hoe prestasie geëvalueer sal word
    - die gerapporteerde aanwysers en teikens in die jaarlikse prestasieverslag dieselfde is as waartoe daar in die goedgekeurde, aanvanklike of hersiene beplanningsdokumente verbind is
    - die gerapporteerde prestasie-inligting op die voorgeskrewe wyse in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word
    - daar voldoende stawende bewyse vir die gerapporteerde prestasies is en vir die redes wat vir enige oor- of onderbereiking van teikens verskaf is.

12. Ek het die prosedures uitgevoer met die doel om slegs wesenlike bevindings te rapporteer; en nie om 'n mening of beslissing oor sekerheid uit te spreek nie.

13. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose wesenlike aanwysers geïdentifiseer nie.

Verslag oor voldoening aan wetgewing

14. Kragtens die WOO en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die voldoening aan toepaslike wetgewing rakende finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede oudit en daaroor verslag doen. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die entiteit se voldoening aan wetgewing.

Verslag van die eksterne ouditeur

15. Ek het prosedures uitgevoer om die voldoening aan gekose vereistes in sleutelwetgewing te toets, in ooreenstemming met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se metodologie vir die bestudering van bevindings. Hierdie studie is nie 'n sekerheidstudie nie. Gevolglik spreek ek nie 'n mening of beslissing oor sekerheid uit nie.
16. Ek het deur middel van 'n gevestigde OGSA-proses vereistes in sleutelwetgewing vir die toetsing van voldoening gekies wat betrekking het op die finansiële en prestasiebestuur van die entiteit en wat duidelik is om konsekwente meting en evaluering te kan doen, en wat ook genoeg besonderhede bevat en geredelik beskikbaar is om op 'n verstaanbare wyse verslag te lewer. Die gekose wetgewende vereistes word by die bylae tot hierdie ouditeur se verslag ingesluit.
17. Ek het geen wesenlike nie-voldoening aan die gekose wetgewende vereistes geïdentifiseer nie.

Tekortkominge in interne kontrole

18. Ek het interne kontrole van toepassing op my studie oor die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en voldoening aan tersaaklike wetgewing oorweeg; my doelwit was egter nie om enige vorm van sekerheid daaroor te gee nie.
19. Ek het nie enige beduidende tekortkominge in interne kontrole geïdentifiseer nie.

Professionele etiek en gehaltebeheer

20. Ek is onafhanklik van die entiteit, in ooreenstemming met die International Ethics Standards Board for Accountants se *etiese kode vir professionele rekenmeesters (insluitend internasionale onafhanklike standaarde*) (IESBA-kode) asook ander etiese vereistes wat betrekking het op my hersienings in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede in ooreenstemming met hierdie vereistes en die IESBA-kode nagekom.
21. Ingevolge die International Standard on Quality Management 1, handhaaf die OGSA 'n omvattende stelsel van gehaltebestuur wat gedokumenteerde beleide en prosedures oor voldoening aan etiese vereistes en professionele standaarde insluit..

Kaapstad
31 Julie 2024

Bylae tot die ouditeursverslag

Voldoening aan wetgewing – gekose wetgewende vereistes

Die gekose wetgewende vereistes is soos volg:

Wetgewing	Artikels of regulasies
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB)	Artikel 51(1)(a)(iv); 51(1)(b)(i); 51(1)(b)(ii); 51(1)(e)(iii) Artikel 53(4) Artikel 55(1)(a); 55(1)(b); 55(1)(c)(i) Artikel 56(1); 56(2) Artikel 57(b)
Tesourieregulasies, 2005	Regulasie 8.2.1; 8.2.2 Regulasie 16A 3.2; 16A 3.2(a); 16A 6.1; 16A6.2(a) Regulasie 16A6.2 (b); 16A 6.3(a); 16A 6.3(b) Regulasie 16A.6.3(c); 16A 6.3(e); 16A 6.4; 16A 6.5; Regulasie 16A.6.6; 16A 8.3; 16A 8.4; 16A9.1(b)(ii); 16A 9.1(d); 16A 9.1(e); 16A9.1(f); 16A 9.2(a)(ii) Regulasie 30.1.1; 30.1.3(a); 30.1.3(b); 30.1.3(d); 30.2.1 Regulasie 31.1.2(c) Regulasie 33.1.1; 33.1.3
Staatsdiensregulasie	Regulasie 18; 18 (1) en (2)
Wet op die Raad vir die Ontwikkeling van die Boubedryf, Wet 38 van 2000	Artikel 18(1)
Regulasies insake die Raad vir die Ontwikkeling van die Boubedryf, 2004	Regulasie 17; 25(7A)
Tweede wysiging van Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 2020/21	Paragraaf 1
Erratum Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 2020/21	Paragraaf 2
Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 5 van 2020/21	Paragraaf 4.8; 4.9; 5.3
Nasionale Tesourie-instruksie Nr. 1 van 2021/22	Paragraaf 4.1
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota 03 2021/22	Paragraaf 4.3; 4.4; 4.4 (a); 4.4(c); 4.4(d)
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota 11 2020/21	Paragraaf 3.1 Paragraaf 3.4(b) Paragraaf 3.9
Nasionale Tesourie-VKB-instruksienota 2 van 2021/22	Paragraaf 3.2.1; 3.2.4(a) Paragraaf 3.3.1
Praktyknota 5 van 2009/10	Paragraaf 3.3
Praktyknota 7 van 2009/10	Paragraaf 4.1. 2
Wet op Voorkeurverkrygingsraamwerk, Wet 5 van 2000	Artikel 1 Artikel 2.1(a); 2.1(f)
Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017	Paragraaf 4.1; 4.2 Paragraaf 5.1; 5.3; 5.6; 5.7 Paragraaf 6.1; 6.2; 6.3; 6.6; 6.8 Paragraaf 7.1; 7.2; 7.3; 7.6; 7.8 Paragraaf 8.2; 8.5 Paragraaf 9.1; Paragraaf 10.1; 10.2 Paragraaf 11.1; 11.2
Voorkeurverkrygingsregulasies, 2022	Paragraaf 4.1; 4.2; 4.3; 4.4 Paragraaf 5.1; 5.2; 5.3; 5.4
Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, Wet 12 van 2004	Artikel 34(1)

A

F: FINANSIËLE INLIGTING

Staat van Finansiële Posisie

Syfers in rand duisend	Aantekening(e)	2024	2023
Bates			
Bedryfsbates			
Kontant en kontantekwivalente	3	9 969	8 882
Voorrade	4	149	120
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	5	50	53
		10 168	**9 055**
Totale bates		**10 168**	**9 055**
Laste			
Bedryfslaste			
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	6	-	32
Onbestede voorwaardelike toelaes en ontvangstes	7	166	167
		166	**199**
Totale laste		**166**	**199**
Netto bates		**10 002**	**8 856**
Opgelope oorskot		10 002	8 856
Totale netto bates		**10 002**	**8 856**

WES-KAAPSE TAALKOMITEE
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

Staat van Finansiële Prestasie

Syfers in rand duisend	Aantekening(e)	2024	2023
Inkomste			
Inkomste uit ruiltransaksies			
Erfenis-aansoekfooie	8	845	791
Rente ontvang	9	827	476
Totale inkomste uit ruiltransaksies		**1 672**	**1 267**
Inkomste uit nieruiltransaksies			
Ander inkomste uit nieruiltransaksies	10	**7 394**	**8 016**
Oordraginkomste			
Oordragte en subsidies ontvang	11	1 893	1 537
Aanwending van voorwaardelike toelae	12	303	238
Totale inkomste uit nieruiltransaksies		**9 590**	**9 791**
Totale inkomste		**11 262**	**11 058**
Uitgawes			
Ouditfooie	13	(78)	(73)
Regsfooie	14	(1 241)	-
Dienste in natura	15	(7 394)	(7 991)
Algemene uitgawes	16	(779)	(703)
Ledefooie	17	(624)	(838)
Totale uitgawes		**(10 116)**	**(9 605)**
Oorskot vir die jaar		**1 146**	**1 453**

A

F: FINANSIËLE INLIGTING

Staat van Veranderinge in Netto Bates

Syfers in rand duisend	Opgelope oorskot/ tekort	Totale netto bates
Saldo op April 1, 2022	**7 403**	**7 403**
Veranderinge in netto bates	1 453	1 453
Oorskot vir die jaar	1 453	1 453
Totale veranderinge	**8 856**	**8 856**
Saldo op April 1, 2023		
Veranderinge in netto bates		
Oorskot vir die jaar	1 146	1 146
Totale veranderinge	1 146	1 146
Saldo op Maart 31, 2024	**10 002**	**10 002**

WES-KAAPSE TAALKOMITEE
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

Kontantvloei-staat

Syfers in rand duisend	Aantekening(e)	2024	2023
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Ontvangbare rekeninge			
Kontant ontvang		3 040	3,353
Rente-inkomste		830	462
		3 870	3 815
Betalings			
Kontant aan verskaffers en werknemers betaal		(2 783)	(1 584)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	18	**1 087**	**2 231**
Netto toename in kontant en kontantekwivalente		**1 087**	**2 231**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		8 882	6 651
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	3	**9 969**	**8 882**

Die 2022/23-kontantvloeistaat is heraangegee as gevolg van die verkeerde hantering van voorwaardeliketoelae-befondsing. Die besonderhede van die heraangewing word in aantekening 23 openbaargemaak.

A

F: FINANSIËLE INLIGTING

Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae

Begroting op kontantgrondslag

Syfers in rand duisend	Goed-gekeurde begroting	Aan-suiwe-rings	Finale begroting	Werklike bedrae op vergelyk-bare grondslag	Verskil tussen finale begroting en werklik	Verwy-sing
Staat van finansiële prestasie						
Inkomste						
Niebelastinginkomste						
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	674	150	**824**	845	**21**	
Entiteitinkomste buiten verkope	282	-	**282**	830	**548**	22.1
Oordragte en subsidies ontvang	1 621	-	**1 621**	2 195	**574**	22.2
Totale inkomste	**2 577**	**150**	**2 577**	**3 870**	**1 143**	
Uitgawes						
Lopende betalings						
Goedere en dienste	(2 577)	(150)	**(2 727)**	(2 722)	**5**	
Totale uitgawes	**(2 577)**	**-**	**(2 727)**	**(2 722)**	**5**	
Oorskot	**-**	**-**	**-**	**1 148**	**1 148**	
Werklike bedrag op vergelykbare - grondslag soos aangebied in die begroting en werklike vergelykbare staat		**-**	**-**	**1 148**	**1 148**	
Rekonsiliasie						
Grondslagverskil						
Entiteitinkomste buiten verkope				(4)		
Ander niebelastinginkomste (dienste in natura)				7 394		
Goedere en dienste				2		
Goedere en dienste (dienste in natura)				(7 394)		
Tydverskil				-		
Entiteitsverskil				-		
Werklike bedrag in die staat van finansiële prestasie				**1 146**		

Syfers in rand duisend	Aantekening(e)	2024	2023

1. Voorlegging van finansiële jaarstate

Die beduidende rekeningkundige beleide wat in die voorbereiding van hierdie finansiële jaarstate toegepas is, word hier onder uiteengesit.

1.1 Grondslag van voorbereiding

Die finansiële jaarstate is voorberei ooreenkomstig die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP), uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde ingevolge artikel 91(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999).

Hierdie finansiële jaarstate is volgens 'n toevallingsgrondslag van boekhouding voorberei en stem ooreen met kosteberekening volgens historiese koste as die grondslag van meting, tensy anders gespesifiseer. Syfers word in Suid-Afrikaanse rand aangebied.

Alle syfers is tot die naaste duisend afgerond.

'n Opsomming van die beduidende rekeningkundige beleide, wat konsekwent in die voorbereiding van hierdie finansiële jaarstate toegepas is, word hier onder bekendgemaak.

Hierdie rekeningkundige beleide is konsekwent met die vorige tydperk. Beleide oor Eiendom, aanleg en toerusting, Finansiële Instrumente, en Dienste in natura is egter hersien om te verseker dat dit relevant vir die entiteit is.

1.2 Lopende saak-aanname

Hierdie finansiële jaarstate is voorberei op grond van die verwagting dat die entiteit sal voortgaan om vir ten minste die volgende 12 maande as 'n lopende saak werksaam te wees.

1.3 Wesenlikheid

Weglatings of wanvoorstellings van items is wesenlik as dit individueel of gesamentlik die besluite of evaluerings van gebruikers wat op grond van die finansiële state gedoen is, kan beïnvloed. Wesenlikheid hang af van die aard of grootte van die weglating of wanvoorstelling wat in die omringende omstandighede beoordeel is. Die aard of grootte van die inligtingitem of 'n kombinasie van die twee kan die bepalende faktor wees.

Om te evalueer of 'n weglating of wanvoorstelling gebruikers se besluite kan beïnvloed en dus wesenlik kan wees, moet die eienskappe van daardie gebruikers oorweeg word. Die Raamwerk vir die Voorbereiding en Aanbieding van Finansiële State verklaar dat daar aanvaar word dat gebruikers 'n redelike kennis het van die regering, sy bedrywighede en rekeningkunde, en bereid sal wees om die inligting met redelike deeglikheid te bestudeer. Die evaluering neem dus in ag hoe gebruikers met dié kenmerke redelikerwys verwag kan word om tydens besluitneming en evaluering beïnvloed te word.

1.4 Beduidende oordele en bronne van beramingonsekerheid

Die entiteit maak beramings en aannames met betrekking tot die toekoms. Die gevolglike rekeningkundige beraming sal per definisie selde gelyk wees aan die verwante werklike resultate. Beramings en oordele word deurlopend geëvalueer en is gegrond op historiese ervaring en ander faktore, met inbegrip van verwagtinge vir toekomstige gebeure wat geglo word om redelik te wees onder die omstandighede. Die beramings en aannames met 'n beduidende risiko om 'n wesenlike aanpassing aan die drabedrag van bates en laste in die volgende boekjaar te maak, word hier onder bespreek.

Ontvangbare rekeninge

Die entiteit evalueer aan die einde van elke verslagtydperk sy ontvangbare rekeninge vir waardedaling. By die bepaling of 'n waardedalingsverlies as 'n oorskot of tekort aangeteken moet word, oordeel die entiteit of daar waarneembare data is wat 'n merkbare afname in die beraamde toekomstige kontantvloei uit 'n finansiële bate aandui.

1.4 Beduidende oordele en bronne van beramingsonsekerheid (vervolg)

Die waardedaling vir ontvangbare rekeninge word op 'n portefeuljegrondslag bereken op grond van historiese verliesverhoudings, aangepas vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers op die verslagdatum wat met wanbetalings op die portefeulje korreleer. Hierdie jaarlikse verliesverhoudings word toegepas op leningsaldo's in die portefeulje en aangepas by die tydperk waarin die beraamde verlies ontstaan.

Inagneming van waardedaling
'n Beraming vir die waardedaling van ontvangbare rekeninge word gedoen wanneer invordering van die volle bedrag nie meer waarskynlik is nie. Die voorsiening vir waardedalingskuld moet slegs op handelskrediteure bereken word. Die totale waardedalingsvoorsiening van die entiteit moet per individuele debiteur of ten minste per risikokategorie bereken word.

1.5 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare niebedryfsbates (insluitend infrastruktuurbates) wat vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere of dienste, verhuring aan ander of vir administratiewe doeleindes gehou word en wat na verwagting gedurende meer as een tydperk gebruik sal word.

Die koste van 'n item eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken wanneer:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die item verband hou, na die entiteit sal vloei; en
- die koste van die item betroubaar gemeet kan word.

Bates wat gedurende die boekjaar aangekoop word, word aan die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) geskenk om doeltreffende batebestuur te verseker. Bates word by jaareinde onterken om verantwoording te doen vir die effek van die skenking teen drawaarde soos op 31 Maart elke jaar.

1.6 Finansiële instrumente

Die entiteit se finansiële instrumente word as óf finansiële bates óf laste gekategoriseer.

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat aanleiding gee tot 'n finansiële bate van een entiteit en 'n finansiële las of 'n residuele belang van 'n ander entiteit.

Die geamortiseerde koste van 'n finansiële bate of finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las gemeet word by aanvanklike erkenning minus terugbetaling van prinsipale, plus of minus die opgelope amortisasie deur middel van die effektiewerente-metode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die uitkeerbedrag, en minus enige vermindering (direk of deur middel van 'n toelaagrekening) vir waardedaling of nie-invorderbaarheid.

Rentekoersrisiko is die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument as gevolg van verandering in die mark se rentekoerse sal wissel.

Lenings betaalbaar is finansiële laste, buiten korttermyn- betaalbare rekeninge op normale kredietvoorwaardes.

Klassifikasie
Die entiteit het die onderstaande soorte finansiële bates (klasse en kategorie) soos op die voorkant van die staat van finansiële posisie of in die aantekeninge daarby weerspieël:

Klas	Kategorie
Kontant en kontantekwivalente	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	Finansiële bate gemeet teen geamortiseerde koste

Die entiteit het die onderstaande soorte finansiële laste (klasse en kategorie) soos op die voorkant van die staat van finansiële posisie of in die aantekeninge daarby weerspieël:

Klas	Kategorie
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	Finansiële las gemeet teen geamortiseerde koste
Onbestede voorwaardelike toelaes	Finansiële las gemeet teen geamortiseerde koste

1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

Aanvanklike meting van finansiële bates en finansiële laste

Die entiteit meet 'n finansiële bate en finansiële las, afgesien van dié wat daarna teen billike waarde gemeet word, aanvanklik teen sy billike waarde plus transaksiekoste wat direk toe te skryf is aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate of finansiële las.

Die entiteit meet aanvanklik alle ander finansiële bates en finansiële laste teen billike waarde.

Daaropvolgende meting van finansiële bates en finansiële laste

Die entiteit meet alle finansiële bates en finansiële laste ná aanvanklike erkenning deur middel van die onderstaande kategorieë:

- Finansiële instrumente teen billike waarde.
- Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste.

Alle finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word, is onderworpe aan 'n waardedalingshersiening.

Die geamortiseerde koste van 'n finansiële bate of finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las gemeet word by aanvanklike erkenning minus terugbetaling van prinsipale, plus of minus die opgelope amortisasie deur middel van die effektiewerente-metode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die uitkeerbedrag, en minus enige vermindering (direk of deur middel van 'n toelaagrekening) vir waardedaling of nie-invorderbaarheid in die geval van 'n finansiële bate.

Oorweging van meting van billike waarde

Bestuur bepaal billike waarde vir finansiële instrumente deur sekere waardasietegnieke te gebruik. Dit behels onder meer die gebruik van onlangse armlengtetransaksies, verwysing na ander instrumente wat wesenlik dieselfde is, verdiskonteerde kontantvloei-ontleding en om so min as moontlik op entiteitspesifieke insette staat te maak.

Finansiële bates gemeet teen geamortiseerde koste

Indien daar objektiewe bewys is dat 'n waardedalingsverlies op finansiële bates gemeet teen geamortiseerde koste gely is, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die heersende waarde van beraamde toekomstige kontantvloei (met uitsondering van toekomstige kredietverliese wat nie gely is nie) verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die drabedrag van die bate word deur middel van 'n toelaagrekening verminder. Die bedrag van die verlies word in oorskot of tekort erken.

Indien die bedrag van die waardedalingsverlies in 'n daaropvolgende tydperk verminder en die vermindering objektief in verband gebring word met 'n gebeurtenis wat plaasgevind het nadat die waardedaling erken is, word die voorheen erkende waardedalingsverlies omgekeer deur 'n toelaagrekening aan te pas. Die omkering lei nie tot 'n drabedrag van die finansiële bate wat dit wat die geamortiseerde koste sou gewees het, oorskry nie, sou die waardedaling nie op die datum waarop die waardedaling omgekeer is, erken gewees het nie. Die bedrag van die omkering word in oorskot of tekort erken.

Waar finansiële bates se waarde deur middel van 'n toelaagrekening gedaal het, word die bedrag van die verlies in oorskot of tekort binne bedryfsuitgawes erken. Wanneer sodanige finansiële bates afgeskryf word, word die afskrywing teen die betrokke toelaagrekening gedoen. Daaropvolgende invorderings van bedrae wat vantevore afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes gekrediteer.

Onterkenning van finansiële bates

Die entiteit onterken finansiële bates deur middel van handelsdatumverrekening.

By onterkenning van 'n finansiële bate in sy geheel word die verskil tussen die drabedrag en die som van die vergoeding ontvang in oorskot of tekort erken.

Die entiteit verwyder 'n finansiële las (of 'n deel van 'n finansiële las) uit sy staat van finansiële posisie wanneer dit tenietgedoen word – m.a.w. wanneer die verpligting gespesifiseer in die kontrak aangesuiwer word, gekanselleer word, verstryk of kwytgeskeld word.

1.6 Finansiële instrumente (vervolg) Finansiële laste

Die verskil tussen die drabedrag van 'n finansiële las (of deel van 'n finansiële las) tenietgedoen of oorgedra na 'n ander party en die vergoeding betaal, met inbegrip van enige niekontantbates oorgedra of laste veronderstel, word in oorskot of tekort erken. Enige laste wat kwytgeskeld, vergewe of oorgeneem word deur 'n ander entiteit deur middel van 'n nieruiltransaksie, word rekenskap van gegee ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Inkomste uit Nieruiltransaksies (Belastings en Oordragte).

1.7 Statutêre ontvangbare rekeninge

Statutêre ontvangbare rekeninge is ontvangbare rekeninge wat voortspruit uit wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele, en vereis vereffening deur 'n ander entiteit in kontant of 'n ander finansiële bate.

Drabedrag is die bedrag waarteen 'n bate in die staat van finansiële posisie erken word.

Die kostemetode is die metode wat gebruik word om statutêre ontvangbare rekeninge te verantwoord wat vereis dat sulke debiteure teen hul transaksiebedrag gemeet word, plus enige opgelope rente of ander heffings (waar van toepassing) en minus enige opgelope waardedalingsverliese en enige bedrae wat onterken word.

Nominale rentekoers is die rentekoers en/of grondslag wat in wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele gespesifiseer word.

Die transaksiebedrag vir 'n statutêre ontvangbare rekening beteken die bedrag wat in ooreenstemming met wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele gespesifiseer, bereken of gehef word.

1.8 Voorrade

Voorrade word aanvanklik teen koste gemeet, behalwe waar voorrade deur 'n nieruiltransaksie verkry word; die koste daarvan is dan die billike waarde soos op die datum van verkryging.

Voorrade word gevolglik teen die laagste van koste en netto realiseerbare waarde gemeet.

Voorrade word teen die laagste van koste en huidige vervangingskoste gemeet waar dit gehou word vir:

- verspreiding teen geen koste nie of teen 'n nominale bedrag; of
- verbruik in die produksieproses van goedere wat teen geen koste nie of teen 'n nominale bedrag versprei word.

Netto realiseerbare waarde is die geskatte verkoopprys in die gewone verloop van sake, min die geskatte koste van voltooiing en die geskatte koste wat nodig is om die verkoop, verruiling of verspreiding uit te voer.

Die koste van voorrade word deur middel van die geweegde gemiddelde kosteformule toegewys. Dieselfde kosteformule word gebruik vir alle voorrade wat 'n soortgelyke aard en nut vir die entiteit het.

1.9 Voorwaardelike laste

'n Beraming word vir voorwaardelike laste gemaak wanneer 'n entiteit 'n huidige regsverpligting as gevolg van gebeure in die verlede het, dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne nodig sal wees om die verpligting na te kom, en 'n betroubare beraming van die verpligting gemaak kan word.

Voorwaardelike laste word nie erken nie. Voorwaardelike laste word in aantekening 20 openbaargemaak.

1.10 Verpligtinge

Items word as verpligtinge geklassifiseer wanneer die entiteit sigself tot toekomstige transaksies wat normaalweg tot die uitvloei van kontant lei, verbind het.

Openbaarmakings word vereis ten opsigte van onerkende kontraktuele verbintenisse.

Verpligtinge waarvoor openbaarmaking nodig is om 'n billike voorstelling te gee, moet in 'n aantekening by die finansiële state openbaargemaak word indien albei die onderstaande kriteria nagekom word:

1.10 Verpligtinge (vervolg)

- Kontrakte moet niekanselleerbaar wees of slegs kanselleerbaar teen beduidende koste wees (byvoorbeeld, kontrakte vir rekenaar- of gebou-instandhoudingsdienste); en
- Kontrakte moet verband hou met iets buiten die roetine, bestendige, regeringsake van die entiteit – salarisverpligtinge wat met dienskontrakte of verpligtinge rakende maatskaplike sekerheid verband hou, is dus uitgesluit.

1.11 Inkomste uit ruiltransaksies

Erkenning

Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en wanneer die bedrag van inkomste betroubaar gemeet kan word, en spesifieke kriteria vir die entiteit se aktiwiteite nagekom is. Inkomste uit die lewering van dienste word erken as 'n oorskot of tekort in verhouding tot die stadium van afhandeling van die transaksie teen die verslagdatum.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die oorsigtydperk, wanneer dié invloei lei tot 'n toename in netto bates, buiten verhogings wat met die bydraes van eienaars verband hou.

'n Ruiltransaksie is een waarin die entiteit bates of dienste ontvang, of laste uitwis, en in ruil direk ongeveer gelyke waarde (hoofsaaklik in die vorm van goedere, dienste of die gebruik van bates) aan die ander party gee.

Billike waarde is die bedrag waarteen 'n bate verruil of 'n las vereffen kan word tussen ingeligte, bereidwillige partye in 'n armlengtetransaksie.

Meting

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar. Die bedrag word nie as betroubaar meetbaar beskou totdat alle gebeurlikhede in verband met die transaksie afgehandel is nie.

Rente, tantieme en dividende

Rente word in oorskot of tekort deur middel van die effektiewerentekoers-metode erken.

1.12 Inkomste uit nieruiltransaksies

Erkenning

'n Invloei van hulpbronne uit 'n nieruiltransaksie wat as 'n bate erken word, word as inkomste erken, behalwe in die mate waartoe 'n las ook ten opsigte van dieselfde invloei erken word.

As die entiteit 'n huidige verpligting nakom wat erken word as 'n las ten opsigte van 'n invloei van hulpbronne uit 'n nieruiltransaksie wat as 'n bate erken word, verminder dit die drabedrag van die las wat erken is en erken 'n bedrag van inkomste gelyk aan daardie vermindering.

Meting

Inkomste uit 'n nieruiltransaksie word gemeet teen die bedrag van die verhoging in netto bates wat deur die entiteit erken word.

Wanneer die entiteit as gevolg van 'n nieruiltransaksie 'n bate erken, erken dit ook inkomste gelykstaande aan die bedrag van die bate gemeet teen sy billike waarde op die datum van verkryging, tensy dit ook vereis word om 'n las te erken. Waar daar vereis word dat 'n las erken word, sal dit gemeet word as die beste beraming van die bedrag wat nodig is om die verpligting op die verslagdatum te vereffen, en die bedrag van die verhoging in netto bates, indien enige, sal as inkomste erken word. Wanneer 'n las vervolgens verminder word omdat die belasbare gebeurtenis plaasvind of 'n voorwaarde nagekom word, word die bedrag van die vermindering in die las as inkomste erken.

Voorwaardelike toelaes en ontvangbare rekeninge

Inkomste wat uit voorwaardelike toelaes, donasies en befondsing ontvang word, word as inkomste erken in die mate waartoe die entiteit voldoen het aan enige kriteria, voorwaardes of verpligtinge wat in die ooreenkoms vervat is. Die mate waartoe daar nie aan die kriteria, voorwaardes of verpligtinge voldoen is nie, word as 'n las erken.

1.12 Inkomste uit nieruiltransaksies (vervolg)

Rente wat op beleggings verdien word, word volgens toelaagvoorwaardes hanteer. As dit aan die toekenner betaalbaar is, word dit as deel van die las aangeteken en, indien nie, word dit as rente verdien in die staat van finansiële prestasie erken.

Toelaes wat die entiteit vergoed vir uitgawes aangegaan. word in oorskot of tekort erken op 'n stelselmatige grondslag in dieselfde tydperke waarin die uitgawes erken word.

Geskenke en donasies, insluitend goedere in natura

Geskenke en donasies, insluitend goedere in natura, word as bates en inkomste erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en dat die billike waarde van die bates betroubaar gemeet kan word.

Dienste in natura
Die entiteit het dienste in natura erken wat betekenisvol vir sy werksaamhede en/of diensleweringsdoelwitte is. Die verwante inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en betroubaar gemeet kan word. 'n Uitgawe in gelyke waarde word dadelik vir die benutting van die diens erken.

Waardienste in natura nie betekenisvol vir die entiteit se werksaamhede is nie en/of waar diensleweringsdoelwitte nie aan die kriteria vir erkenning voldoen nie, openbaar die entiteit die aard en tipe dienste in natura wat gedurende die verslagtydperk ontvang is.

Dienste in natura is dienste wat kosteloos deur individue aan entiteite gelewer word, maar wat aan bepalings onderworpe kan wees.

1.13 Omskakeling van buitelandse valuta

Transaksies in buitelandse valuta
'n Transaksie in buitelandse valuta word aangeteken met aanvanklike erkenning in rand, deur die koers vir kontantvaluta tussen die funksionele valuta en die buitelandse valuta op die datum van die transaksie op die bedrag buitelandse valuta toe te pas.

Transaksies wat in buitelandse valuta aangedui word, word omgeskakel teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum heersend is. Monetêre items wat in buitelandse valuta aangedui word, word omgeskakel teen die wisselkoers wat op die verslagdatum geldig is. Winste of verliese wat uit transaksies voortspruit, word teen oorskot/tekort verreken.

1.14 Vergelykende syfers

Waar nodig, is vergelykende syfers weer geklassifiseer om te voldoen aan veranderinge in aanbieding in die lopende jaar.

1.15 Uitgawes

Finansiële transaksies in bates en laste
Skulde word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer word. Afgeskrewe skuld word beperk tot die bedrag van besparing en/of onderbesteding van begrote fondse. Die afskrywing vind teen jaareinde plaas of wanneer fondse beskikbaar is. Geen voorsiening is vir onverhaalbare bedrae gemaak nie, maar bedrae word as 'n openbaarmakingsaantekening openbaargemaak. Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan toegestaan word.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die staat van finansiële posisie as 'n bate erken tot tyd en wyl die uitgawe van die verantwoordelike persoon verhaal word of as onverhaalbaar in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word.

Onreëlmatige uitgawes
Onreëlmatige uitgawes word as uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken. Indien die uitgawe nie deur die betrokke gesag gekondoneer word nie, word dit as 'n bate beskou totdat dit verhaal word of as onverhaalbaar afgeskryf word.

1.15 Uitgawes (vervolg)

Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as 'n uitgawe erken wanneer finale magtiging vir betaling op die stelsel ingevoer word (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

1.16 Opgelope oorskot

Die opgelope oorskot verteenwoordig die netto verskil tussen die totale bates en die totale laste van die entiteit. Enige oorskotte en tekorte wat gedurende 'n spesifieke boekjaar realiseer, word teen opgelope oorskot/tekort gekrediteer/gedebiteer. Aansuiwerings in die vorige jaar wat met inkomste en uitgawes verband hou, word teen opgelope oorskot gedebiteer/ gekrediteer wanneer retrospektiewe aansuiwerings gemaak word.

1.17 Begrotingsinligting

Die goedgekeurde begroting word op 'n kontantgrondslag voorberei en deur ekonomiese klassifikasie gekoppel aan prestasie-uitkomsdoelwitte aangebied. AERP 24 vereis dat die begrotingstaat op 'n vergelykbare grondslag by die goedgekeurde begroting openbaargemaak moet word, insluitend die begrotingklassifikasie soos gepubliseer.

Die goedgekeurde begroting dek die fiskale tydperk van 1 April 2023 tot 31 Maart 2024.

Die finansiële jaarstate en die begroting is nie op dieselfde grondslag van boekhouding nie en daarom is 'n vergelyking met die begrote bedrae vir die verslagtydperk by die staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae ingesluit.

Bestuur beskou 'n wesenlike afwyking as 'n afwyking van die begroting van 5% en hoër. Redes vir wesenlike afwykings word in die aantekeninge by die finansiële jaarstate uiteengesit.

1.18 Verwante partye

'n Verwante party is 'n persoon of 'n entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of om beduidende invloed op die ander party uit te oefen, of omgekeer, of 'n entiteit wat onderworpe is aan gemeenskaplike beheer of gesamentlike beheer.

Beheer is die mag om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n entiteit te beheer ten einde by sy werksaamhede te baat.

Gesamentlike beheer is die ooreengekome deling van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende reëling, en bestaan slegs wanneer die strategiese finansiële en bedryfsbesluite met betrekking tot die aktiwiteit die eenparige toestemming vereis van die partye wat beheer deel (die ondernemers).

'n Verwantepartytransaksie is 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die verslaggewende entiteite en 'n verwante party, ongeag of 'n prys gehef word of nie.

Beduidende invloed is die mag om aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van 'n entiteit deel te neem, maar is nie beheer oor daardie beleide nie.

Bestuur is daardie persone verantwoordelik vir beplanning, leiding en beheer van die aktiwiteite van die entiteit, insluitend diegene wat getaak is met die regeringsbestuur van die entiteit ingevolge wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies uit te voer.

Naasbestaandes van 'n persoon word beskou as daardie familielede wat na verwagting daardie persoon in hul handelinge met die entiteit sal beïnvloed of deur daardie persoon beïnvloed kan word.

Die entiteit is vrygestel van openbaarmakingsvereistes met betrekking tot verwantepartytransaksies indien daardie transaksie plaasvind binne normale verskaffer- en/of kliënt-/ontvangerverhoudinge volgens bepalings en voorwaardes wat nie meer of minder gunstig is as dié wat redelikerwys van die entiteit verwag word om te aanvaar nie, indien handelinge met daardie individuele entiteit of persoon in dieselfde omstandighede en volgens dieselfde bepalings en voorwaardes binne die normale bedryfsparameters is wat deur daardie verslaggewende entiteit se wetlike mandaat ingestel is.

1.18 Verwante partye (vervolg)

Waar die entiteit in ooreenstemming met bogenoemde van die openbaarmakings vrygestel is, openbaar die entiteit beskrywende inligting oor die aard van die transaksies en die verwante uitstaande saldo's om gebruikers van die entiteit se finansiële state in staat te stel om die effek van verwantepartytransaksies op sy finansiële jaarstate te verstaan.

1.19 Gebeure ná verslagdoeningsdatum

Gebeure na die verslagdoeningsdatum is daardie gebeure, sowel gunstig as ongunstig, wat plaasvind tussen die verslagdoeningsdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking gemagtig word. Twee soorte gebeure kan geïdentifiseer word:

- gebeure wat bewys lewer van toestande wat op die verslagdatum bestaan het (wysigende gebeure na die verslagdatum); en
- gebeure wat aanduidend is van toestande wat na die verslagdatum ontstaan het (niewysigende gebeure na die verslagdatum).

Sodra die gebeurtenis plaasvind, sal die entiteit die bedrag wat in die finansiële state erken word, wysig om wysigende gebeure na die verslagdatum te weerspieël.

Die entiteit sal die aard van die gebeurtenis en 'n beraming van die finansiële uitwerking daarvan openbaar maak of 'n verklaring maak dat sodanige beraming nie gemaak kan word ten opsigte van alle wesenlike niewysigende gebeure nie, waar nie-openbaarmaking 'n invloed kan hê op die ekonomiese besluite wat op grond van die finansiële state deur gebruikers geneem word.

1.20 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Die entiteit is van BTW-registrasie vrygestel. As enige fondse egter ontvang word wat vereis dat die entiteit as 'n BTW-handelaar moet registreer, sal sodanige aansoek ingedien word.

Syfers in rand duisend	2024	2023

2. Standaarde en interpretasies

2.1 Standaarde en interpretasies uitgereik, maar nog nie in werking nie

Die entiteit het nie die volgende standaarde en interpretasies toegepas wat gepubliseer en verpligtend is vir die entiteit se rekeningkundige tydperke wat op of na April 1, 2024 of later tydperke begin nie:

Standaard/interpretasie	Datum van inwerkingtreding: Jare wat begin op of na	Verwagte impak
• AERP 1 (gewysig): Aanbieding van finansiële state (lopende saak)	Nog nie in werking nie	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees
• AERP 104 (soos hersien): Finansiële instrumente	April 1, 2025	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees

Syfers in rand duisend	2024	2023

3. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:		
Banksaldo's	2 655	2 120
Korttermyn-deposito's	7 314	6 762
	9 969	**8 882**

Kredietgehalte van kontant in die bank en korttermyndeposito's, uitsluitend kontant voorhande

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant en korttermyn-, hoogs likiede beleggings by geregistreerde bankinstellings met 'n vervaldatum van drie maande of minder en wat onderhewig is aan onbeduidende rentekoersrisiko. Die drabedrag van hierdie bates benader hul billike waarde.

4. Voorrade

Gedenkplate	149	120

Voorraad bestaan uit provinsiale erfenisterreine se gedenkplate wat gebruik word om erfenisterreine te identifiseer. Provinsiale erfenisgedenkplate is gedurende die oorsigjaar aangekoop.

5. Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies

Opgelope rente	50	53

6. Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies

Handelskrediteure	-	32

7. Onbestede voorwaardelike toelaes

Onbestede voorwaardelike toelaes en ontvangstes bestaan uit:		
Raad op Nasionale Loterye[1]	144	144
Nasionale Departement van Toerisme[2]	21	21
VSA Ambassadeursfonds	1	1
	166	**167**

Voorwaardelike toelaes is van die Raad op Nasionale Loterye ontvang vir die Bobbejaanpunt-bewaringsprojek; van die Nasionale Departement van Toerisme vir die Toerisme-vertolkingstekens by die Gugulethu 7-gedenkteken; en van die VSA Ambassadeursfonds vir kulturele bewaring van die Diepkloof-rotsskuiling, 'n Provinsiale Erfenisterrein wat tans as 'n Wêrelderfenisterrein genomineer word.

[1] Die res van die Loterybefondsing was aanvanklik vir die aanstelling van monitors op die terrein by die Bobbejaanpunt-terrein. As gevolg van uitdagings voortspruitend uit die aard van die terrein is daar egter ooreengekom om eerder vertolkingstekens by die grot te installeer. Die tekens sal in 2024/2025 geïnstalleer word, soos met die befondser ooreengekom.

[2] Erfenis Wes-Kaap wag dat die Stad Kaapstad (SK) die instandhouding van die Gugulethu 7-terrein voltooi sodat die plasing van vertolkingstekens afgehandel kan word. Sodra die instandhouding voltooi is, sal die vertolkingstekens voltooi word.

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in rand duisend	2024	2023

8. Erfenis-aansoekfooie

Aansoekfooie	845	791

Meer erfenisaansoeke is gedurende die oorsigjaar ontvang, aangesien dit 'n vraaggedrewe bron van inkomste is.

9. Rente-inkomste

Rente ontvang	827	476

Die toename word toegeskryf aan sowel rentekoersveranderinge as die verskeie uitdagings wat met verkryging ervaar is, wat tot stadige besteding gelei het. Dit het beteken dat meer kontant vir rentekoersberekenings beskikbaar was, vergeleke met die vorige jaar.

10. Ander inkomste uit nieruiltransaksies

Donasie: Dienste in natura[1]	7 394	7 991
Administratiewe boete	-	25
	7 394	8 016

[1] Vir besonderhede oor die Donasie: Dienste in natura, verwys na die beskrywing in aantekening 15.

11. Oordragte en subsidies ontvang

Departementele oordrag ontvang	1 893	1 537

12. Aanwending van voorwaardelike toelae

Aanwending van voorwaardelike toelae	303	238

Die tweede deel van die VSA Ambassadeursbefondsing is gedurende die oorsigjaar vir die Diepkloof-projek ontvang.

13. Ouditfooie fees

Eksterne oudit	78	73

14. Regsfooie

Regsfooie	1 241	-

Die saak in verband met die 'monstergebou' in Buitengrachtstraat, Kaapstad is gedurende die oorsigjaar afgehandel en die entiteit moes die verwante regsfooie betaal.

Syfers in rand duisend	2024	2023

15. Dienste in natura

Werknemerkoste: Dienste in natura	7 394	7 991

Amptenare in diens van die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) voer die uitvoerende en administratiewe funksies uit wat met Erfenis Wes-Kaap (EWK) verband hou. Amptenare wat tot die openbare entiteit verbind is, sluit onder meer die eenheid verantwoordelik vir die bestuur van erfenishulpbronne en die Finansiële Bestuurseenheid in wat steun bied aan die Hoof- Finansiële Beampte (HUB) verantwoordelik vir die finansiële bestuur van die DKES en EWK. Die dienste in natura wat deur hierdie amptenare verskaf word, is beduidend vir die werksaamhede en diensleweringsdoelwitte van EWK, en hul vergoeding word dus in die staat van finansiële prestasie van EWK erken, soos deur AERP 23 vereis.

Die Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Name, wat ook die aangestelde Hoof- Uitvoerende Beampte van EWK is, die Hoof- Finansiële Beampte en sekere amptenare van die Direktoraat: Museums, Erfenis en Geografiese Name vervul tweeledige rolle aangesien hulle dienste aan sowel die DKES en EWK verskaf. Dit is moeilik om die tyd wat deur amptenare aan EWK bestee word, toe te deel. Die dienste in natura wat van hierdie amptenare ontvang word, kan dus nie betroubaar gemeet word nie en is uitgesluit van die dienste in natura wat in die staat van finansiële prestasie van EWK erken word, soos vereis deur AERP 23, aangesien die dienste in natura wat deur hierdie amptenare aan EWK verskaf word, nie aan die kriteria vir erkenning voldoen nie.

Die diens wat verskaf word deur amptenare wat vir die bestuur van erfenishulpbronne verantwoordelik is, is gedurende die boekjaar 2023/24 hersien en word ingesluit as deel van dienste in natura wat in die staat van finansiële prestasie erken word. Ingevolge AERP 3 word die hersiening van dienste in natura terugwerkend toegepas en die ooreenstemmende vergelykbare syfers is heraangegee. Besonderhede oor die hersiening word in aantekening 23 openbaargemaak.

16. Algemene uitgawes

Reklame[1]	63	7
Spyseniering[2]	80	68
Kommunikasie[3]	58	75
Konsultasie en uitbestede dienste[4]	392	343
Drukwerk en skryfbehoeftes[5]	66	71
Hernuwing van sagtewarelisensie	46	42
Reis en verblyf[6]	74	97
	779	**703**

[1] Promosie-items is vir die oorsigjaar aangekoop wat nie by die vorige boekjaar ingesluit is nie.

[2] Meer in-persoon-vergaderings is gehou, waarvoor spyseniering verskaf is.

[3] Daar was ’n afname in virtuele vergaderings wat gehou is en dit het in ’n besparing op datatoelae gelei.

[4] Die vertaling van statutêre dokumente wat voorheen intern gedoen is, is uitbestee.

[5] Minder afskrifte van statutêre dokumente is gedurende die oorsigjaar gedruk.

[6] Minder terreinbesoeke is gedurende die oorsigjaar afgelê.

Syfers in rand duisend	2024	2023
17. Ledefooie		
Alard, G	-	2
Bailey, E	-	31
Baumann, N	17	16
Belter, D	55	76
Boise, H	39	14
Daniels, C	-	1
De Waal, J	-	28
Dumbrell, K	-	19
Fataar, M	-	18
Fortuin, C	30	8
Gani, R	17	11
Gribble, J	-	9
Gibbs, D	36	40
Hall, S	-	6
Hermansen, S	11	18
Jacobs, G	36	57
Johnston, S	32	52
Kasibe, W	-	2
Knight, J	-	3
Lavin, J	14	5
Malan, A	11	12
Martin, R	36	34
Mavumengwana, S	24	34
Mdludlu, M	7	18
Mgijima, B	-	3
Milandri, L	19	5
Ontong, T	32	15
Orton, J	-	8
Peters, W	-	47
Saunders, D	30	37
Scurr, M	-	23
Smart, C	20	8
Smuts, K	35	5
Snelling, C	-	28
Van de Merwe, H	54	76
Van Graan, A	19	18
Webley, L	-	12
Winter, S	30	27
Wilson-Harris, J	20	-
Wolters, M	-	12
	624	**838**

Daar was gedurende die oorsigjaar 'n afname in die getal vergaderings wat gehou is en die tyd wat aan voorbereiding vir vergaderings bestee is. Daarbenewens is die getal komitees verminder en dit het bygedra tot die jaar-op-jaar-afname in uitgawes.

Syfers in rand duisend	2024	2023
18. Kontant voortgebring uit bedrywighede		
Oorskot	1 146	1 453
Niekontantbewegings:		
Inkomste: Dienste in natura	7 394	7 991
Uitgawes: Dienste in natura	(7 394)	(7 991)
Verspreiding van voorraad	-	1
Veranderinge in werkkapitaal:		
Voorrade	(29)	-
Ontvangbare rekeninge uit ruiltransaksies	3	(14)
Ander ontvangbare rekeninge uit nieruiltransaksies	-	1 000
Betaalbare rekeninge uit ruiltransaksies	(32)	30
Onbestede voorwaardelike toelaes	(1)	(239)
	1 087	**2 231**

19. Voorwaardelike laste

MIDNIGHT STORM INVESTMENTS 170 (PTY) LTD v MINISTER VAN KUNS EN KULTUUR en Ander, saaknommer 46055/15

Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister van Kuns en Kultuur en Andere, wat verband hou met 'n hofsaak wat by 'n Noord-Gautengse Hooggeregshof aanhangig gemaak is. Die saak hou verband met 'n besluit geneem deur EWK om nie die beplande luukse behuisingsontwikkeling, hersonering en onderverdelingsregte van 'n eiendom, wat 'n provinsiale erfenisterrein (PET) is, goed te keur nie. EWK word genoem as 'n derde verweerder en die LUR vir die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport word as 'n vyfde verweerder genoem. Die eienaars het 'n dagvaarding uitgereik om koste te verhaal wat hulle op die grond aangegaan het, aangesien hulle beweer dat die deklarasie hul eiendomsregte beperk en as 'n konstruktiewe onteiening beskou moet word. Die saak is van 29 Julie 2019 tot 2 Augustus 2019 in die Gautengse Hooggeregshof aangehoor en is in Januarie 2020 met die slotbetoë afgesluit. Die hof het in die beskuldigdes se guns beslis. Na die uitspraak het die Gautengse Hooggeregshof op 15 Junie 2020 verlof tot appèl by die Appèlhof toegestaan. Indien die eis suksesvol is by die Appèlhof, word EWK se aanspreeklikheid op R8.2 miljoen beraam, tensy EWK, alternatiewelik die nasionale Minister van Kuns en Kultuur die Konstitusionele Hof nader om 'n finale besluit oor die aangeleentheid te maak. Die appellant/applikant het EWK daarna genader om 'n skikking van die saak te ondersoek en het 'n verdere aansoek vir 'n ontwikkeling op die rand van die PET ingedien. Die appèl is gevolglik uitgestel hangende die uitslag van hierdie aansoek. Indien die saak geskik word, sal die voorwaardelike aanspreeklikheid wegval.

Die bestuur van EWK is van mening dat die voorwaardelike aanspreeklikheid gegrond is op die waarde van die grond wat ter sprake is. Die kans dat die eiser sal slaag is minimaal, aangesien hulle in hul eerste poging misluk het en die senior advokaat vol vertroue is dat die appèl, sou dit voortgaan, ook nie sal slaag nie.

Syfers in rand duisend	2024	2023

20. Verwante partye

Verwantskappe

Primêre befondser	Departement van Kultuursake en Sport (DKES)
Strategiese vennoot	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Strategiese vennoot	Wes-Kaapse Taalkomitee

Die DKES verskaf akkommodasie aan EWK om hul administratiewe en finansiële werksaamhede uit te voer.

Die Minister van die Departement van Kultuursake en Sport is, as die Uitvoerende Gesag, ingevolge AERP 20 'n verwante persoon van EWK.

Die lede van die raad van EWK en die entiteit, soos openbaar gemaak in aantekening 17, is ingevolge AERP 20 verwante partye.

Die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) is ingevolge die bepalings van artikel 8(6) (a) en (d) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH), saamgelees met regulasie 4 van die regulasies gepubliseer onder GNR 323 op 7 April 2000, gemandateer om die bevoegdheid van provinsiale erfenishulpbronowerhede soos EWK te bepaal en te herbepaal.

Alle departemente en openbare entiteite in die Wes-Kaap word as verwante partye beskou aangesien hulle onder die algemene beheer van die provinsiale wetgewer is.

Transaksies

Inkomste van verwante party af ontvang		
Departement van Kultuursake en Sport	1 893	1 537
Dienste in natura van verwante party af ontvang		
Departement van Kultuursake en Sport	7 394	7 991

Dienste in natura is nie voorheen onder die aantekeninge oor verwante party-transaksies openbaargemaak nie. Dit is in die oorsigjaar reggestel.

Syfers in rand duisend	2024	2023

21. Risikobestuur

Die entiteit se aktiwiteite stel dit bloot aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's: markrisiko (billike waarde rentekoersrisiko, kontantvloei-rentekoersrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Likiditeitsrisiko

Die entiteit se likiditeitsrisiko is 'n gevolg van die fondse wat beskikbaar is om toekomstige verpligtinge te dek. Die entiteit bestuur likiditeitsrisiko deur 'n voortdurende hersiening van toekomstige verpligtinge en kredietfasiliteite.

Sensitiwiteitsontleding

Op 31 Maart 2024, sou die rentekoerse op veranderlike-koers finansiële instrumente 1% hoër/laer gewees het en alle ander veranderlikes nog konstant was, sou die jaar se oorskot R99 689 hoër/laer gewees het.

Kredietrisiko

Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty nie hulle kontraktuele verpligtinge sal nakom nie, wat tot 'n finansiële verlies vir die entiteit sal lei. Die entiteit het 'n beleid aanvaar waarvolgens slegs met kredietwaardige partye sake gedoen word.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die entiteit deponeer kontant slegs by groot banke met hoëgehalte-kredietwaardigheid en beperk blootstelling aan enige teenparty.

Geen kredietperke is gedurende die verslagtydperk oorskry nie en bestuur verwag nie enige verliese weens nieprestasie deur hierdie teenpartye nie.

Maksimum blootstelling aan kredietrisiko.

Die entiteit se blootstelling aan kredietrisiko ten opsigte van lenings en ontvangbare rekeninge is beperk tot die bedrae op die balansstaat.

Die entiteit is nie aan markrisiko blootgestel nie, gegewe die feit dat krediteure binne 30 dae ná ontvangs van 'n rekening betaal moet word, soos deur die tesourieregulasies en die WOFB vereis.

Rentekoersrisiko

Die entiteit se risikoprofiel bestaan uit vaste- en swewende koerslenings en banksaldo's wat die entiteit aan billike waarde rentekoersrisiko en kontantvloei-rentekoersrisiko blootstel, en kan soos volg opgesom word:

Finansiële bates

Handelskrediteure en ander ontvangbare rekeninge het 'n vasgestelde koers. Bestuur hanteer rentekoersrisiko deur voordelige koerse vir lenings met swewende koerse te onderhandel en waar moontlik van lenings met vasgestelde koerse gebruik te maak.

Bestuur se beleid behels ook die balansering van die rente op batelenings met die rente betaalbaar op laste.

Kontantvloei-rentekoersrisiko

Finansiële instrument	Verskuldig in minder as een jaar	Verskuldig in een tot twee jaar	Verskuldig in twee tot drie jaar	Verskuldig in drie tot vier jaar	Verskuldig na vyf jaar
Normale kredietvoorwaardes - Kontant in lopende bankinstansie	9 969	-	-	-	-
Netto bedrag	9 969	-	-	-	-
Agterstallig maar nie voor voorsien nie	-	-	-	-	-

Syfers in rand duisend

22. Begrotingsafwyking

Begrotingsaansuiwering:

Die begroting is gedurende die boekjaar 2023/24 met R150 000 verhoog, van 'n oorspronklike begroting van R2,577m na 'n aangesuiwerde begroting van R2,727m. Die saak in verband met die 'monstergebou' in Buitengrachtstraat, Kaapstad is gedurende die oorsigjaar afgehandel en die entiteit moes die verwante regsfooie betaal. Die regskoste het die beskikbare begroting oorskry en het dus 'n begrotingsaansuiwering vereis.

Wesenlike verskille tussen begroting en werklike bedrae

22.1 Entiteitinkomste buiten verkope

Die afwyking is as gevolg van die verhoging in die rentekoers vir die jaar onder oorsig.

22.2 Ander niebelastinginkomste

Bykomende befondsing is vir die oorsigjaar van die Departement van Kultuursake en Sport vir 'n spesifieke projek ontvang, en die 2e deel van die VSA Ambassadeursbefondsing is vir die Diepkloof-projek ontvang.

23. Vorige jaar se aansuiwerings

23.1 Dienste in natura

Die diens wat gelewer is deur amptenare verantwoordelik vir die bestuur van erfenishulpbronne is gedurende die oorsigjaar herbepaal as dienste in natura wat aan die entiteit gelewer is. Aangesien die toestand in die vorige jaar bestaan het, is 'n terugwerkende aansuiwering gedoen om billike aanbieding van die finansiële state te verseker.

Die effek van die vorige jaar se aansuiwering word hier onder aangebied:

2022/23	Soos voorheen gerapporteer	Aan-suiwering	Her-aangegee
Staat van veranderinge in netto bates			
Opgelope oorskot	-	7 317	7,317
Opgelope oorskot	-	(7 317)	(7 317)
Staat van finansiële prestasie			
Inkomste: Dienste in natura	674	7 317	7 991
Uitgawes: Dienste in natura	(674)	(7 317)	(7 991)

23.2 Voorwaardelike toelaag

Die heraangewing van die 2022/23-kontantvloeistaat is as gevolg van die verkeerde hantering van voorwaardelike-toelaebefondsing.

Die effek van die heraangewing word hier onder aangebied

2022/23	Aan-tekening	Soos voorheen gerapporteer	Aan-suiwering	Her-aangegee
Kontantvloeistaat				
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite				
Kontant ontvang: Aanwending van voorwaardelike toelae	18	3 593	(240)	3 353
Rente-inkomste	18	462	-	462
Kontant aan verskaffers en werknemers betaal: Onbestede voorwaardelike toelae	18	(1 824)	240	(1 584)
		2 231	**-**	**2 231**

24. Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Geen wesenlike nie-aanpassende gebeure het na die verslagdoeningstydperk voorgekom nie.

25. BBSEB-prestasie

Inligting oor voldoening aan die BBSEB-wet word by die jaarverslag onder die afdeling Prestasie-inligting oor BBSEB-voldoening ingesluit.

URhulumente weNtshona Koloni

ILifa leMveli leNtshona Koloni
Erfenis Wes-Kaap
Heritage Western Cape

ILifa leMveli leNtshona Koloni

INgxelo yoNyaka

2023/2024

Imifanekiso equlathwe kwiphepha lokuqala leNgxelo yoNyaka yeLifa leMveli yeNtshona Koloni 2023/2024:
1. Mosterts Mill, Rhodes: Drive, Rhodes Ave, Bishopscourt, Cape Town (33.9521° S, 18.4662° E)

IZIQULATHO

ICANDELO A: INKCAZELO NGOKUBANZI 4

1. INKCAZELO NGOKUBANZI LWEQUMRHU LOLUNTU 4
2. ULUHLU LWEZIFINYEZO/IZINQAMLELO 5
3. INTSHAYELELO KASIHLALO 6
4. ISISHWANKATHELO SEGOSA ELILAWULAYO ESIYINTLOKO 7
5. INGXELO YOXANDUVA NOKUQINISEKISWA KOKUCHANEKA KWENGXELO YONYAKA 10
6. ISISHWANKATHELO SOBUCHULE 11
   - 6.1. Umbono 11
   - 6.2. Uzimiselo 11
   - 6.3. Okuxatyiswayo 11
7. IMIMISELO YOWISO-MTHETHO NEMINYE IMIMISELO 11
8. ISAKHIWO SOMBUTHO 17

ICANDELO B: INKCAZELO YENTSEBENZO 19

1. INGXELO YOMPHICOTHI: IINJONGO EZIMISELWE KWANGAPHAMBILI 19
2. ISISHWANKATHELO SENTSEBENZO YEQUMRHU LOLUNTU 19
   - 2.1. Ubume Bokuhanjiswa Kweenkonzo 19
   - 2.2. Ubume bombutho 25
   - 2.3. Uphuhliso oluphambili lwepolisi notshintsho lomthetho 26
   - 2.4. Inkqubela phambili ekufezekiseni iimpembelelo zamaziko neziphumo 27
3. INKCAZELO YOKUSEBENZA KWENKQUBO YEZIKO 28
   - 3.1. Inkqubo: Ilifa leMveli eNtshona Koloni 28
4. UKUQOKELELWA KWENGENISO 30
   - 4.1 Utyalomali 30

ICANDELO C: ULAWULO 32

1. INTSHAYELELO 32
2. IIKOMITI ZEEPOTFOLIYO 32
3. IGUNYA ELILAWULAYO 32
4. IGUNYA LOBALO-MALI / IBHODI 33
5. UKULAWULA UMNGCIPHEKO 37
6. IYUNITHI YOLAWULO LWANGAPHAKATHI 40
7. IIKOMITI ZOPHICOTHO KUNYE NOPHICOTHO LWANGAPHAKATHI 40
8. UKUTHOTYELWA KWEMITHETHO NEMIMISELO 41
9. UBUQHETSEBA NORHWAPHILIZO 41
10 UKUNCIPHISA UKUNGQUBANA KOMDLA 42
11. IKHOWUDI YOKUZIPHATHA 42
12. IMPILO, UKHUSELEKO NEMIBA YOKUSINGQONGILEYO 43
13. UNOBHALA WENKAMPANI /WEBHODI 43
14. IMBOPHELELEKO YOLUNTU 43
15. INGXELO YEKOMITI YOPHICOTHO 43
16. INKCAZELO YENTSEBENZO YOKUTHOBELA I-B-BBEE 45

X

IZIQULATHO

ICANDELO D: ULAWULO LWABASEBENZI 47

1. INTSHAYELELO 47
2. IINKCUKACHA-MANANI ZOLAWULO LWABASEBENZI 47

ICANDELO E: INGXELO YOKUTHOBELA I-PFMA 49

1. I INKCITHO ENGAQHELEKANGA, ENGENASIQHAMO KUNYE NENKUNKUMA KUNYE NELAHLEKO YEZINTO EZIPHATHEKAYO 49
   - 1.1. Inkcitho engaqhelekanga 49
   - 1.2. Inkcitho engenasiqhamo nechithayo 51
   - 1.3. Ukuchazwa okongezelelekileyo okunxulumene nelahleko yezinto ngokwe-PFMA Icandelo 55(2)(b)(i) &(iii) 52
2. UKUBHATALWA EMVA KWEXESHA KUNYE/OKANYE UKUNGABHATALWA KWABATHENGISI 53
3. ULAWULO LWAMAKHONKCO OKUBONELELA 53
   - 3.1. Ukuthengwa ngezinye iindlela 53
   - 3.2. Ukwahluka nokwandiswa kwekhontrakthi 80 53

ICANDELO F: INKCAZELO YEZEMALI 55

1. INGXELO YOMPHICOTHI WANGAPHANDLE 55
2. IINGXELO ZEMALI ZONYAKA 59

I-MOSTERT'S MILL IYALANDELA UMLILO NGE 18 KUTSHAZIMPUZI

ICANDELO A: INKCAZELO NGOKUBANZI

1. INKCAZELO NGOKUBANZI YEQUMRHU LOLUNTU

IGAMA ELIBHALISIWEYO	ILifa leMveli leNtshona Koloni
IFOMU ESEMTHETHWENI YEQUMRHU	IQumrhu loLuntu
UHLOBO LWESHISHINI KUNYE NEMISEBENZI EPHAMBILI	Ukuchonga, ukukhusela, ukugcina, ukulawula nokukhuthaza izibonelelo zelifa lemveli eNtshona Koloni
INOMBOLO YOKUBHALISA	Ayikho
IDILESI	Umgangatho wesi3, Isakhiwo Protea Assurance Greenmarket Square EKapa 8001
IDILESI YEPOSI	P. O. Box 1665 EKapa 8000
INOMBOLO YEFOWUNI	+27 21 483 9598
INOMBOLO YEFEKSI	+27 21 483 9845
IDILESI YEIMEYILE	ceoheritage@westerncape.gov.za
IDILESI YEWEBHUSAYITHI	www.hwc.org.za
ABAPHICOTHI BANGAPHANDLE	UMphicothizincwadi Jikelele woMzantsi Afrika 19 Park Ln Milnerton eKapa 7441
IGAMA NEDILESI	Nedbank: 85 St Georges Mall, Cape Town City Centre, eKapa, 8001 Absa: Private Bag X9067 Corp Gauteng, eKapa
UNOBHALA WENKAMPANI/ WEBHODI	Ayikho

2. ULUHLU LWEZIFINYEZO/IZINQUMLELO

NZZ	IiNgxelo Zemali Zonyaka
MJMA	UMphicothi Jikelele woMzantsi Afrika
APM	I-Archaeology, iPalaeontology kunye neKomiti yeMeteorites
NVS	INgxelo yoVavanyo oluSisiseko
KYNE	IKomiti Yokusingqongileyo Neendawo Ezakhiweyo
ULO	Uxwebhu Lolwazi Olusisiseko
GEG	IGosa eliyiNtloko lesiGqeba
GNM	IGosa Eliyintloko Lezemali
ILL	Inkqubo-sikhokelo yoLawulo loLondolozo
CSK	IsiCwangciso Sokulawulwa Kokulondolozwa
SK	ISixeko saseKapa
SMNM	ISebe leMicimbi yeNkcubeko neMidlalo
CLMSSN	ICandelo loLawulo loMngcipheko weShishini, iSebe leNkulumbuso
UK	Ukulingana Kwingqesho
ULKE	Uvavanyo lwefuthe kwindalo esingqongileyo
NYK	INgxelo Yokuchaphazeleka Kwendalo
ULKI	Ukuba Lula Kokwenza Ishishini
ULKIULKIULKI	INkqubo Yemisebenzi Yoluntu Eyandisiweyo
ULW	Ulawulo Lomngcipheko Weshishini
KYUWN	IKomiti Yokulawula Umngcipheko Weshishini Nokuziphatha
KY	IKomiti Yesigqeba
UKEE	Ukuphuhliswa Kwendlu Eyinkunzi Esisigxina
NYEN	INkqubo Yocwangcisomali Eyamkelwe Ngokubanzi
UMLM	Uvavanyo lweMpembelelo yeLifa leMveli
LMNK	ILifa leMveli leNtshona Koloni
NGLM	IiNtlanganiso zamaGosa eLifa leMveli
KVM	IKomiti yoVavanyo lweMpembelelo
KYYN	IKomiti Yeziveliswayo, Yokugreyida Nokutolika
LBL(P)	Ilungu leBhunga eliLawulayo (lePhondo)
KNXP	IsiKhokelo seNkcitho yeXesha eliPhakathi
MWYYNY	UMthetho Wemithetho Yesizwe Yokwakha Nemigangatho Yokwakha
MZLMS	UMthetho Wesizwe Wolawulo Lokusingqongileyo
NHRA	UMthetho weZibonelelo yeLifa leMveli yeSizwe
MZLMS	Isaziso seNjongo yokuPhuhlisa
GLL	IGunya Likazwelonke Lokutshutshisa
UUO	Umsebenzi Unikezelo Oluthile
MKFL	UMthetho wokuKhuthaza uFikeleleko kuLwazi
UKEN	Ukutshintshwa Kwengxaki Eqhutywa Ngumoya
AZLMMA	I-Arhente yeZibonelelo zeLifa leMveli yaseMzantsi Afrika
NLMLMMA	INkqubo yoLwazi ngeMithombo yeLifa leMveli yaseMzantsi Afrika

3. IMBULAMBETHE KASIHLALO

NjengoSihlalo weLifa leMveli eNtshona Koloni, lilungelo lam ukwazisa iNgxelo yoNyaka yonyaka ka2023/2024. Le ngxelo ibonisa iinzame kunye nempumelelo yeqela lethu elizinikeleyo ekufezekiseni umsebenzi wethu wokugcina, ukukhusela, nokukhuthaza ilifa lemveli leNtshona Koloni.

KwiLifa leMveli leNtshona Koloni, indima yethu inemiba emininzi. Sisebenza njengegunya lemithombo yelifa lemveli yephondo, elijongene nokuchonga, ukulawula nokukhusela imithombo yelifa lemveli eyahlukeneyo yephondo lethu. Igunya lethu, elivela kuMgaqo-siseko weRiphablikhi yoMzantsi-Afrika, kuMgaqo-siseko wePhondo leNtshona Koloni, kunye noMthetho weZibonelelo zeLifa leMveli weSizwe, likhokela amanyathelo ethu ekuqinisekiseni ukuba ilifa lethu ligcinwa kwizizukulwana ezizayo.

IBhunga leLifa leMveli leNtshona Koloni lidlala indima ebalulekileyo ekongameleni ulawulo kunye nokukhuthaza izibonelelo zelifa lemveli. Iqulethwe ngabantu abanomdla abaneengcali ezahlukeneyo kunye nemvelaphi eyahlukeneyo, iBhunga linika ulwalathiso lweqhinga, ulawulo, kunye nolawulo kwiqumrhu. Ngemizamo yethu edibeneyo, sizama ukwenza izigqibo ezinolwazi ezilinganisela ukugcinwa kwelifa lemveli kunye neemfuno zoluntu lwethu oluguqukayo.

Unyaka wonke, iBhunga lethu lisebenze lingadinwa ukujongana nemingeni namathuba avela kulawulo lwelifa lemveli. Siye sasebenzisana nabachaphazelekayo, sasebenzisana neenkampani esisebenzisana nazo, saza saphumeza amanyathelo okuphucula ukusebenza kakuhle kwemisebenzi yethu negunya lethu. Ukuzibophelela kwethu ekungafihlini nto, ekuphenduleni nasekuzibandakanyeni kwabathathi-nxaxheba kuhlala kungagungqi njengoko siqhubeka sisebenzela abantu baseNtshona Koloni.

Ukujonga kwixesha eliphakathi nelide, iLifa leMveli iNtshona Koloni ijolise kubuchule ekuqinisekiseni ukuba ulondolozo lwelifa lemveli kunye nokukhuthazwa kwegalelo kwiinjongo zophuhliso lwezentlalo nezoqoqosho zephondo. Ngokuhambelana noMthetho weZibonelelo zeLifa leMveli weSizwe kunye nemigaqo-nkqubo ephambili yamaphondo kaRhulumente weNtshona Koloni, i-LMNK ijolise ekuqhubekeni nokudala imeko encedisayo yamathuba anjalo ngenkqubo yolawulo lwezibonelelo zelifa lemveli elisebenzayo. Le ndlela ijolise kungekuphela nje ekuqinisekiseni ukugcinwa kwezibonelelo zethu ezibalulekileyo zelifa lemveli kwiphondo, nto leyo ebaluleke kakhulu kwindima yegunya lezibonelelo zelifa lemveli lephondo, kodwa kunye negalelo ekwakheni uluntu olubandakanya wonke umntu nolunoqoqosho apho ilifa lemveli lethu lichongiwe, likhuthazwa, kwaye libhiyozelwa khona.

Le Ngxelo Yonyaka isebenza njengobungqina bokuzinikela kwethu okuqhubekayo kunye nenkqubela esiyenzileyo ekufezekiseni isigxina nesicwangciso sethu. Inika isishwankathelo esipheleleyo semisebenzi yethu, impumelelo, imiceli mngeni, kunye nombono. Ndinebhongo ngezinto eziphunyeziweyo kule ngxelo kwaye ndinombulelo ngokuzinikela kwamalungu eBhunga kunye nekomiti yethu, abasebenzi, amaqabane, kunye nabathathi-nxaxheba abaye banegalelo kwimpumelelo yethu.

Njengoko sicinga kunyaka odlulileyo kwaye sijonge kwikamva, ndiqinisekile ukuba iLifa leMveli iNtshona Koloni liza kuqhubeka lidlala indima ebalulekileyo ekulondolozeni nasekubhiyozeleni ilifa lemveli elityebileyo lephondo lethu. Sisonke, siza kuhlala siqinile ekuzibopheleleni kwethu ekuqinisekiseni ukuba imithombo yethu yelifa lemveli igcinwa kwaye ixabisekile kwizizukulwana ezizayo.

USihlalo weBhunga
UReyhana Gani
Umhla: 31 kweyeThupha 2024

4. ISISHWANKATHELO SEGOSA ELILAWULAYO ELIYINTLOKO

Intshayelelo

ILifa leMveli leNtshona Koloni (LMNK) limi njengesibane sokulondolozwa kunye nokukhuthazwa kwelifa lemveli eNtshona Koloni, sinikwe umsebenzi omkhulu wokukhusela ilifa lethu lenkcubeko. Njengegunya lezibonelelo zelifa lemveli lephondo, umsebenzi wethu usekelwe kakhulu kumagunya omgaqo-siseko kunye noMthetho weZibonelelo zeLifa leMveli leSizwe (MZLMS), okhokela iinzame zethu zokulawula nokukhuthaza izibonelelo ezahlukeneyo zezibonelelo zelifa lemveli kwingingqi yethu yonke. Kolu shwankathelo, sicinga ngamanyathelo athathiweyo kunye neengxaki ezijongene nazo kunyaka-mali ka-2023/2024.

Izinto Ezenzekayo Kwinkcitho

Inkqubo	2023/24			2022/23		
	Uhlahlo lwabiwomali	Okona inkcitho	(Ngaphezulu)/ ngaphantsi inkcitho	Uhlahlo lwabiwomali	Okona inkcitho	(Ngaphezulu)/ ngaphantsi inkcitho
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Izinto neenkonzo	2 727	2 722	5	2 648	1 585	1 063
EWONKE	**2 727**	**2 722**	**5**	**2 648**	**1 585**	**1 063**

Izithintelo Zomthamo Nemiceli Mngeni Ejongene Neziko Loluntu

Phakathi kwemizamo yethu, kuye kwavela imiceli mngeni, kuvavanywa ukomelela kwenkampani yethu. Ukulawulwa kwezibonelelo zelifa lemveli zeBakala III, ekucingelwa ukuba luxanduva lwamagunya asekuhlaleni kwiMZLMS, kuyaqhubeka kufuna ingqalelo enkulu kunye nezixhobo kwiLMNK.

